# DIE AFRIKANERDOM: 'N HISTORIES-VERTRAAGDE VOLK WEG EN SELFBEGRIP

**F A van Jaarsveld**
*Universiteit van Pretoria*

## Inleiding: omstrede Suid-Afrikaanse hede, toekoms en verlede*

"Ons is, om Nietzsche aan te haal, die te laatgekomenes of vertraagdes, en as volk kan ons ons historiese vertraging nie meer inhaal nie". Hierdie uitspraak van Helmuth Plessner, een van my leermeesters tydens my Europese studiejare, oor die Duitse volk in *Die verspätete Nation*[1] is tot 'n groot mate ook op die Afrikanerdom van toepassing. Dit geld ook Plessner, 'n sosioloog en filosofiese antropoloog, se oordeel: "Geskiedenis het tot die orgaan van hulle teoretiese en prakties-politieke bestemming geword ... (én van) die regverdiging van die eie lewensvorme uit die geskiedenis"; verder ook dat hulle "nie staat nie, maar volk" was, en nog steeds is.

Die woord "verspätet" kan nie behoorlik in Afrikaans vertaal word nie, maar as 'n mens dink aan die vertraging in die pas van ons geskiedenis en van ons denke as Afrikaners, moet toegegee word dat dié begrip wel op die ontwikkeling van die Afrikanerdom van toepassing gemaak kan word. Om na enkele voorbeelde te verwys: Daar was vertraging wat die getallegroei van die Afrikaners in die 17de en 18de eeu betref, deur G D Scholtz 'n "ramp" genoem[2]. Dit geld veral die jare 1706 en 1716 toe Nederlandse immigrasie na die Kaap stopgesit is, en die Afrikanerdom deur die eeue traag in getalle toegeneem het (afgesien van natuurlike aanwas), wat die geringheid van die getal Afrikaners van vandag, skaars drie miljoen siele, in vergelyking met die Amerikaners, Australiërs en Nieu-Zeelanders verklaar. Hoe anders sou ons geskiedenis nie gewees het as daar vandag byvoorbeeld 20 tot 30 miljoen Afrikaners of Blankes in die RSA was nie?

Daar was 'n vertraging in die volksontwikkeling van die Afrikanerdom, deurdat hy vir nagenoeg 250 jaar van sy geskiedenis *boer* gebly het — die gevolg van die handelsmonopolie van die Hollands-Oos-Indiese Kompanjie wat die Afrikaners se beroepslewe vereensydig het. As gevolg daarvan kon hulle nie betyds by die gewysigde ekonomiese stelsel (die kapitalistiese geldekonomie) aan die einde van die vorige eeu aanpas nie. Vir geslagte lank was hulle ekonomies gesien, histories vertraagdes, om byvoorbeeld aan die armblankevraagstuk van die 20ste eeu te dink. Hulle is voortdurend aangeraai om hulle ekonomiese "agterstand" by die Engelse "in te haal" (Reddingsdaadbond). Ook kultureel en letterkundig moes daar ingehaal word. Daar was vertraging in die volksontwikkeling wat nooit ingehaal is nie, naamlik arbeidsdifferensiasie soos by ander blanke volke. Die rede hiervoor was die gebruikmaking reg vanaf die begin van Nie-blanke arbeid, waardeur "Blanke" Suid-Afrika op die pilaar

*Hoofstuk I van *Das Afrikaanertum: Weg und Selbstverständnis, Südafrika vor der Entscheidung, Konfliktverschärfung oder Konfliktlösung?* Bayerische Staatskanzlei, Landeszentrale für politische Bildungsarbeit, München 1985. By die Afrikaanse teks is enkele aanvullings gemaak.

1. Helmuth Plessner: *Die Verspätete Nation*, Stuttgart, 1974. Vir aanhalings kyk pp. 11, 15 en 52.
2. G D Scholtz: *Het die Afrikaanse Volk 'n Toekoms?*, Johannesburg, 1954, pp. 70—77. (Drie historiese foute).

van Swart arbeid gebou is, wat hom baie kwesbaar in die internasionale geestesklimaat van die laat 20ste eeu laat word het, naamlik deur verhoudinge in 'n kleur-kastesamelewing, d.i. 'n Blanke "aristokrasie" wat teenoor 'n stedelike Swart "proletariaat" te staan gekom het.

Nie net die Kompanjie se ekonomiese beleid het 'n groot deel van die 18de eeuse Afrikaners in die binneland geïsoleer nie, waar hulle verstoke was van opvoedings- en ontwikkelingsmoontlikhede, maar ook die Groot Trek met al sy voortreflikhede, het vertraging in hulle ontwikkeling gebring, deurdat 'n groot aantal Afrikanerpioniere, geïsoleer in die Noorde vir nagenoeg 50 jaar in armoede en onderontwikkeldheid, en tradisioneel ekonomiese, geestelike, sosiale en politieke omstandighede moes lewe. Dink ook aan die historiese vertraging wat deur die Anglo-Boereoorlog gebring is, die armoede daarna, en die Republieke se teësinnige aanhegting by die Britse ryk. Dit het 'n politieke worsteling gebring wat 'n groot deel van die Afrikanerdom se energie in die 20ste eeu in beslag geneem het. Britse imperialisme en kapitalisme was 'n erg vertragende faktor.

Daar was ook vertraging met die uitvoering van beleid. Nie sonder rede nie het dr D F Malan in 1959 geskryf: "Suid-Afrika se tragedie is nie dat hy groot, ingewikkelde of onoplosbare vraagstukke het nie. Sy tragedie is dat hy dit so dikwels probeer oplos het — te laat! Maar waarom te laat? Om geen ander rede nie as dat die Afrikanerdom dit keer op keer toelaat dat sy nasionale kragte verbrokkel en gebreek word deur die politieke spel van sluwe teenstanders"[3]. As genl Hertzog sy segregrasie- of gebiedskeidingsbeleid in die twintigerjare kon uitgevoer het nog vóór die emansipasie van Afrika ná die Tweede Wêreldoorlog plaasgevind het, sou ons dan nie vandag nader aan 'n oplossing van die rassevraagstuk gewees het as wat dit die geval onder die laatkommertjie, *Apartheid*, was nie? Ook die Eerste Republiek (1961) het te laat gekom net soos die nuwe grondwet en die Tweede Republiek (1984). 'n Volk betaal swaar vir historiese vertraging en foute van die verlede, wat hom nie ongestraf laat bly nie. Dink hier aan SWA-Namibië wat ons miljoene der miljoene rand gekos het, terwyl Smuts in 1919 of selfs in 1943, dié gebied by die Unie ingelyf kon gehad het.

Miskien lê ons grootste historiese vertraging as Afrikanerdom in ons denke oor beleid en die verdeeldheid wat telkens daaroor in eie geledere ontstaan het, wat die uitvoering daarvan vertraag het. Daar moet nie vergeet word nie dat die Afrikanerdom deur die geskiedenis van die laat 20ste eeu ingehaal is. In werklikheid is ons deur die toekoms oorval, ('n vrygeworde Afrika teen 1948 wat toe nie voorsien kon word nie) wat eise aan ons stel waaraan nie sonder om nasionale selfmoord te pleeg, voldoen kan word nie. Die wind van die geskiedenis het teen ons gedraai en ons het dit sedert 1948 van voor, terwyl ook die tyd aan die kant van Afrika en die Derde Wêreld is. Die ou teëstelling tussen Boer- en Britsupremasie, is vervang deur 'n stryd om opperheerskappy tussen Swart en Wit.

Dit is die volk van Afrikaners wat Suid-Afrika ('n vaderland vir die Afrikaners maar vir Afrika 'n "onbevryde" of "ongedekoloniseerde" geografiese ruimte) sedert 1948 regeer. Die Afrikanerdom is maar een uit ten minste 12 ander volke of groepe Suid-Afrikaners waarvan die getalle in 1985 soos volg was: 4 576 690 Blankes, 2 825 094 Kleurlinge, 793 978 Asiate en 15 242 828 Swartmense, 'n totaal van 23 438 590. In 1978 was die onderverdeling van die Swart volke binne die Republiek soos volg: 5 244 000 Zoeloes, 3 040 000 Xhosa's (sonder Transkei) 2 037 000 Noord-Sotho's, 1 686 000 Suid-Sotho's, 1 364 000 Tswanas (sonder Bophuthatswana),

---

D F Malan: *Afrikaner-volkseenheid*, Kaapstad, 1929², p. 178.

788 000 Tsonga's-Shangaans; 611 000 Swazi's, 466 000 Venda's (met Venda) en 579 000 ander Swartes en 399 000 buitelandse Swart werkers.

Hieruit is dit duidelik dat die RSA 'n mikrokosmos is: mense uit drie kontinente — Europa, Afrika en Asië — het hier ontmoet en vorm vandag, wat Henry Lever "'n komplekse, gefragmenteerde en heterogene" samelewing noem[4]. Die ontmoeting was die gevolg van die Europese uitswerming ná die Renaissance en Ontdekkingstogte, toe Blanke immigrante kontinente soos Noord- en Suid-Amerika, Australasië en Suid-Afrika beset, en daar nuwe volke gaan vorm het soos bv. die Amerikaners, Kanadese, Australiërs, Nieu Zeelanders en die Blanke Suid-Afrikaners[5]. Die fase van Blanke oorheersing van ons Planeet het sowat 500 jaar geduur: aan die begin was daar die Groot Uittog van Europa na ander wêrelddele, maar as gevolg van die Tweede Wêreldoorlog wat Wes-Europa verswak en verdwerg het tussen die supermoondhede Amerika en Rusland, het hulle koloniale ryke tot 'n val gekom, en is hulle kolonies in Asië en Afrika in onafhanklike state omskep[6]. Dit het tot die Groot Terugtog van Blankes na Wes-Europa gelei, behalwe vir die nuwe Blanke nasies soos in die Amerika's, Australië, Nieu-Seeland en die Republiek van Suid-Afrika, waar die Blankes bly woon het waar hulle ontstaan en gevorm is. Hier het die Afrikanerdom ná 1657 tot die "Wit stam van Afrika"[7] geword — 'n nuwe volk wat Afrika as vaderland aanvaar het. Soos die Blanke immigrante van Wes-Europa in Amerika tot "Amerikaners" omskep is, so in Suid-Afrika die Hollandse, Duitse en Franse immigrante tot "Afrikaners", sedert 1806 aangevul deur Engelse wat saam met die Afrikaners ná 1961 tot 'n "Wit nasie" van Suid-Afrikaners geword het, met twee tale as kommunikasiemiddels.

In die jare twintig het lord Balfour geskryf: "In South Africa a White nation has established itself in a Black continent, and that is something that has never before presented itself in the history of mankind", en in 1933 het Godfrey Galloway beweer: "The race problem in South Africa is unique. It stands alone. It has a history which, in some ways, differentiates it from the race problem in other countries"[8]. Geen wonder nie dat L E Neame 'n boek, *White Man's Africa: The Problem of a White Nation in a Black Continent*[9], geskryf het waarin hy opmerk: "Waarnemers van ver-af wat Wit Suid-Afrika veroordeel, ontken dat die probleem waarmee hy worstel, uniek is. Hulle is oortuig dat die probleem deur die metodes soos toegepas in Nigerië, die Goudkus en elders opgelos kan word. Die probleem is anders. Die grootste deel van die nagenoeg 3 miljoen Blankes[10] in die Suid-Afrikaanse sub-kontinent is daar gebore. Hulle kan nêrens anders heen nie. Soos 'n korrespondent van die *Times* om 1950 geskryf het: "Wit Suid-Afrikaners kan nie terugval nie. Hulle is met goeie reg vasbeslote om hul geboorteland vir hulle kinders te behou. Die Blankes van Suid-Afrika streef die daarna om die verslawing van primitiewe mense voort te sit nie. Hulle lewenspatroon is nie bloot deur eiebelang gevorm nie. Dit kom voort uit die instink van selfbehoud. In 'n poging om die probleme van 'n nuwe en beroerde eeu op te los word 'n herverdeling van die aardoppervlak aanbeveel. Europa, Amerika en Australië word aangewys as die natuurlike tuiste van die Wit ras. Asië word aan die Bruin en Geel volke toegewys.

---

4. Henry Lever: *South African Society*, Johannesburg, 1978, p. 3.
5. Kyk Wahrhold Drascher: *Die Vorherrschaft der weiszen Rasse*, Stuttgart, 1936.
6. Wahrhold Drascher: *Schuld der Weiszen? Die Spätzeit des Kolonialismus*, Tübingen, 1960.
7. David Harrison: *The White Tribe of Africa*, London, 1981.
8. Beide kwotasies aangehaal uit N J Rhoodie en H J Venter: *Die Apartheidsgedagte*, Kaapstad, 1959, p. 8.
9. Stewart Printers, South Africa, 1952.
In 1980: 4 528 120.

Afrika word as die land van die Swartman gesien. Maar die heraanwysing van kleur en ruimte is gladnie so eenvoudig nie. Daar bestaan reeds 'n Witmansafrika. Sy Blankes sal nie die nuwe aanwysing van gebied sonder stryd aanvaar nie"[11].

In *Afrika is nicht nur Schwarz*[12] vra Hans Jenny: "Kan die witman in Afrika oorleef?" en antwoord dan: "Suid-Afrika, hierdie uitsonderingsgeval op die Kontinent, het ook tot 'n besondere geval in die wêreld geword. Sy opvattinge oor die samelewing van mense wat volgens herkoms, ras en beskawingspeil onderskeibaar is, word nie deur die res van die wêreld amptelik gedeel nie. Suid-Afrika se apartheidspolitiek of rasseskeiding word al meer aan kritiek onderwerp. Die Boere wat in die 19de eeu van die Kaap noordwaarts getrek het, het in die Bybel vergelykings in die Ou Testament gevind: 'n Klein volk op hulle trek deur die woestyn in 'n vyandige wêreld op soek na 'n beloofde land! Ons leef in die tydperk van politieke eksperimente. Israel en Suid-Afrika is twee voorbeelde. Dáár bestaan die probleem in die oorbrugging van 'n tydsduur van 3 000 jaar, hier in die oorkoming van rasseteëstellinge. Maar Suid-Afrika moet nog die bewys aan die wêreld lewer dat 'n minderheid van skaars 20 persent in 'n tydperk van kwantitatief-materiële denke in staat is om hom op die duur naas 'n viermaal groter meerderheid te bly handhaaf en hulle na sy wil te buig ... Om dié rede verset die Blankes in Afrika hulle so sterk teen die beginsel van "een mens, een stem". Hulle vrees en angs dat hulle daardeur hul bestaan en vaderland kan verloor, is nie heeltemal sonder grond nie ... Ek wil ... slegs sê dat Afrika nie sonder meer net die kontinent van die Swartman is soos vandag dikwels beweer word nie ... Ook die Blanke mens het 'n lewensreg in hierdie kontinent".

Na die val van die Portugese kolonies, Mosambiek en Angola, op 24 April 1974 (en Rhodesië op 18 April 1980), en die omsingeling van die Republiek van Suid-Afrika deur Swartbeheerde "Frontstate" met Marxistiese regerings, is verwag dat die Afrikaners ook moet kapituleer en van 'n regerende minderheidsgroep tot geregeerde minderheidsgroep onder 'n Swart meerderheidsregering moet oorgaan, sodat Afrika sy "bestemming" kan bereik, nl. om van kop tot toon, van Kaap tot Kaïro, deur die inheemse Swartmense bestuur te word. In *Die weiszen Herren: 300 Jahre Krieg und Gewalt in Südafrika*[13], skryf Heinrich Jaenecke dat Suid-Afrika "die laaste wit eiland" in 'n swart kontinent is en tot 'n "wêreldpolitieke brandpunt" geword het: "Die volk van Afrikaners of "Boere" is seerseker nie slegter of beter as elke ander blanke nasie nie. Hy bevind hom slegs in 'n ander, geensins benydenswaardige situasie nie. As besondere oorsese spruit van Wes-Europa het hy nie daarin geslaag om van sy nedersettingsgebied 'n blanke land te maak nie — hoe hardnekkig die Afrikaners ook die teenoorgestelde beweer. Hulle bly steeds die minderheid in 'n land van Swartes, hoewel die heersende minderheid". In *Rassenstaat-Ständestaat-Gottesstaat? Südafrikas Versuch aus der Geschichte auszuwandern*[14], oordeel Günter Gillessen: "Dit is nog nie 'n uitgemaakte saak dat Suid-Afrika tot ondergang gedoem is nie. Tog is dit onwaarskynlik dat die blanke opperheerskappy in die land staande gehou kan word. Suid-Afrika se bestaande orde kan bepaald nie voortduur nie. Maar die einde van die Blanke heerskappy in Suid-Afrika mag nie die ondergang of verdrywing van die Blankes uit Suid-Afrika beteken nie ... Vir die Weste, Amerika en die lande van Wes-Europa, het Suid-Afrika tot 'n groot toetssteen geword. Die Weste kan hom nie

---

11. L E Neame: *White man's Africa*, Author's Note, p. 2 en 11.
12. Düsseldorf-Wien, 1962, pp. 10—14.
13. Hamburg, 1979, pp. 7—8.
Stuttgart, 1978, pp. 7—8.

vrypleit van wat die Blankes daar dink en doen nie. Daarvoor is Suid-Afrika te seer deel van die Europese emigrasie- en koloniale geskiedenis".

Ná die bewindsaanvaarding van die Swart meerderheid in Mosambiek, Angola en Zimbabwe, is die geskiedenis van Suid-Afrika wat tradisioneel vanuit 'n Blanke standpunt vertolk is, en waarin die Afrikaner se pioniersfunksie van oopstelling van die binneland vir die Christendom en beskawing sentraal gestel is, van sowel binne as buite Suid-Afrika vanuit 'n anti-kolonialistiese Swart standpunt hervertolk, wat die tradisionele geskiedsbeeld van stryd tussen Boer en Brit omgekeer het. 'n Mens sou kon praat van die "dekolonisasie" van die Suid-Afrikaanse geskiedenis, dit is blanke verledevoorstellings — 'n soort verpolitisering van die verlede met die doel om die Swart vryheidsbewegings vanuit die hede te onderskraag. Daar is bewustelik geprobeer om die Blanke geskiedsbeeld te ontmitologiseer. In *Südafrika: Rassismus, Imperialismus, Befreiungskampf*[15], skryf Jürgen Ostrowsky en Wolff Geisler oor die "Suid-Afrikaanse geskiedenislegende" en 'n "chauvinistiese mite" wat die Boere "met Bybel en geweer" voorstel, terwyl Günter Gillessen sê dat die Afrikanerdom se strewe na die beskerming van hulle identiteit die sleutelwoord is tot die ganse Apartheidspolitiek: Dit moet onder alle omstandighede beskerm word ... "Hierdie Boeredom voel hom aan alle fronte bedreig: hoofsaaklik van die kant van die Swartes weens hulle getalleoorwig, maar ook — 'n nuwe front — van die moderne, die Westerse dekadente wêreld, wat eens op 'n tyd deur die Britte verteenwoordig was. Die geskiedenis van die Afrikanerdom is 'n geskiedenis van die Boere se selfvertroue en 'n Calvinistiese sekerheid. Die meeste Boere lees hulle geskiedenis soos 'n belofte van God as heilsgeskiedenis en as van belang vir taal en hardnekkige selfhandhawing"[16]. Om die Swartes tot hulp te kom met die hervertolking van die Suid-Afrikaanse verlede het Marianne Cornevin in opdrag van Unesco *Apartheid: Power and historical Falsification* uitgebring waarin beweer word: "Official South African history is full of falsifications designed either to justify the unjust distribution of land or to denigrate and disparage blacks as compared with whites". Dit moet die Swartes help "who have a driving need to establish the historical truth of their past"[17].

Om politieke redes verkies die Swart Marxis, B M Magubane, om in *The political Economy of Race and Class in South Africa* van die Blankes van Suid-Afrika (hoewel die Afrikaners al meer as 300 jaar in die land is soos blanke Amerikaners in Amerika) ter wille van politieke redes soos hy self erken van "white settlers" te praat, "who forcibly robbed the African people of their land three centuries ago ... Today, black and white have irreconcilable claims to the South African state ... The white settlers in South Africa are a remnant of a world order that is dead — the end of the epoch of white domination on a world scale"[18]. In *From Chattel to Wage Slavery, a New approach to South African History*[19], skryf 'n ander Swart Marxis, W M Tsotsi: "Suid-Afrika se geskiedenis kan wettiglik beskryf word as die verhaal van hoe Europeane die Swartes verslaan, beroof en geregeer het met die doel om hulleself te verryk ... Die basiese feit van die Suid-Afrikaanse geskiedenis is die opkoms van Wit oorheersing, dit is, die magstruktuur van die Blankes met hulle heer-en-diensbode verhouding wat Wit tot Swart betref. Hierdie ontwikkeling het nie sommer deur toeval of deur die ingryping van God plaasgevind nie. Dit was die noodwendige gevolg van imperialis-

15. Köln, 1978, pp. 11, 15.
16. A.w., p. 101.
17. Unesco, Paris, 1980, p. 13.
18. New York & London, 1979, pp. xi–xii, 233–234.
19. Maseru, 1981, pp. 6, 8, 16.

tiese uitbreiding, koloniale verowering, Wit oorheersing en kapitalistiese uitbuiting ... Die probleem van die huidige Witmansregering is hoe om die Swartes te bly regeer en uit te buit in die aangesig van hulle groeiende aandringing op gelyke regte en gelyke geleenthede met die Blankes, en die globale verdoeming van die Apartheidstelsel wat ontwerp is om hulle rykdom en oorheersing te beskerm ... Noudat hulle die dag van afrekening sien naderkom, word die Wit regeerders van Suid-Afrika in die gesig gestaar deur twee alternatiewe keuses: òf hulle moet sowel die in- as uitwendige druk weerstaan en tot die bitter einde vir Wit oorheersing veg, òf hulle moet begin om substansiële toegewings aan die Swartes te maak in die hoop om 'n invloedryke deel na hulle kant oor te haal of te neutraliseer. Selfs al weet die regeerders dat geen-een van die twee alternatiewe die opkomende gety van rewolusie doeltreffend sal kan afwend nie, voel hulle hul nogtans verplig om dit uit te toets in die hoop om die onafwendbare Swart opstand te vertraag. Die Wit vesting word beleër en die Blankes probeer om tot die laaste loopgraaf uit te hou ... Dit is die plig van die Swart historikus om al die teorieë van diégene te laat in duie stort wat poog om die geskiedenis van Suid-Afrika te vervals en te verwring met die doel om hulle eis op rasse-meerderwaardigheid te onderskraag. Hy moet die ware geskiedenis van Suidelike Afrika ontrafel ten einde vas te stel wat verkeerd gegaan het en hoe dit reg gestel kan word".

Vanuit die blok van Sosialistiese lande word met ander oë na die Suid-Afrikaanse geskiedenis as die tradisionele Blanke se vertolking gekyk. Dit word in drie fases ingedeel, nl. Boerefeodalisme(tese), Britse kapitalisme (antitese) en Swart sosialisme, 'n sintese in die proses van wording. In *Gegen Rassismus und Rassendiskriminierung*[20] van Gerda Weinberger lees ons: "Die Hollandse Boere wat in opdrag van die Oos-Indiese Kompanje in 1652 hulle eerste nedersettinge in Suid-Afrika gevestig het, het hulle reg om die inheemse Afrikamense se land en vee te ontneem en hulle tot slawe te omskep van die Bybel afgelei. Die Boere het hulleself as uitverkore volk beskou wat tot heerskappy bestem is. Hulle het die inheemse Afrikamense as die "met skuldbelaaide nakomelinge van Noag se seun Gam" gesien, deur God tot aan die jongste gerig verdoem en veroordeel tot ewige knegskap. Sodat 'n mens hulle ook uiterlik maklik kan herken, is hulle met 'n swart vel voorsien". Die skryfster beweer dat "die Sosialistiese stategemeenskap, die kommunistiese wêreldbeweging en die anti-imperialistiese bevrydingsbeweging, natuurlike bondgenote van die Swartes in hulle stryd teen rassisme is ... Die doel van die sosialistiese (lees Kommunistiese) lande is, om in bondgenootskap met alle demokratiese en anti-imperialistiese kragte daartoe by te dra dat die sisteem van die rassisties-kolonialistiese onderdrukking in Suid-Afrika beëindig word. Hierdie doel kan enersyds slegs deur gekombineerde internasionale druk, deur isolering en algemene boikot van die rassiste-regime en andersyds deur hulpverlening aan die nasionale bevrydingsbeweging bereik word. Dienooreenkomstig is sanksies ... insonderheid ekonomiese sanksies asook steun vir die nasionale bevrydingsbewegings die sentrale eis van die Sosialistiese state in die Verenigde Nasies"[21]. Dit toon die sterk invloed van die Kommunistiese lande op die nuwe Swart siening van die Suid-Afrikaanse geskiedenis.

Dit is nie net die Sowjetlande en die Derde Wêreld wat negatief oor die Afrikanerdom en Suid-Afrika dink nie. In *The Afrikaners* skryf Edwin S Munger "... it is clear that the Afrikaner image in America is negative, and that the future of South Africa is seen as negative"[22]. Op 25 Oktober 1982 skryf die Londonse *Times* dat apart-

20. Staatsverlag der DDR, Berlin, 1976.
21. A.w., pp. 11, 19, 29.
22. Cape Town, 1979, p. 1.

heid tot "wit selfvernietiging" sal lei en dat Westerlinge daarvan bewus is "dat 'n ontploffing gaan kom indien die huidige Suid-Afrikaanse beleid voortgesit gaan word". Die *Times* het gewys op Robert McNamara se uitspraak in Oktober 1982 dat, ingeval van 'n Swart opstand, Amerika en die Weste Suid-Afrika nie tot hulp sal snel nie, selfs indien dit sou meebring dat Suid-Afrika in die Sowjet-blok sou beland. McNamara is van mening dat binne 5 tot 10 jaar die RSA se Swart buurstate toevlugsoorde en hawes sal wees vir Russiesgesteunde guerillas. Al hierdie uitsprake hang soos 'n wolk oor die toekoms van die Afrikanerdom. Soos sovele kere in sy geskiedenis het hy onseker oor sy toekoms geword, 'n toekoms wat sedert 1948 tot 'n internasionale objek van spekulasie geword het, soos dit so telkens in sy verlede was.

Die Afrikanervolk, deur W A de Klerk *The Puritans in Africa*[23] genoem, is naas Israel vandag miskien die mees gekritiseerde volk ter wêreld, en daarom ook 'n bekende onbekende of liewer 'n onbekende bekende. Die rede is 'n wêreldwye grief teen *Apartheid* wat vir die Afrikanerdom 'n gans ander betekenis gehad het as wat die wêreld daaraan verleen het. Wat aanvanklik daarmee bedoel was, nl. om sy voortbestaan en identiteit in sy vaderland te waarborg, het soos *Nazisme* vroeër, tot 'n simbool van rassisme en onderdrukking geword, 'n woord wat deur die Sowjetblok en Swart geleerdes in Suid-Afrika voortdurend uitgebuit word. Die rede is dat die Weste dit in die lig van Hitler se optrede so goed verstaan. In teëstelling met die huidige veroordeling was die voorouers van die Afrikanerdom onder Paul Kruger se leiding geliefd en as vryheidsvegters teen 'n onderdrukkende Britse imperialisme beroemd. 'n Mens dink byvoorbeeld aan Ulrich Kröll se dissertasie, *Die internationale Buren-Agitation 1899—1902, Haltung der Öffentlichkeit und Agitation zugunsten der Buren in Deutschland, Frankreich und den Niederlanden während des Burenkriegs*[24].

Hoe het dit gekom dat 'n klein Blanke volk, 'n "verspätete Nation", op Afrikanerbodem ontstaan het; wat was sy gang deur meer as drie eeue en hoe het hy homself in die verlede en hede verstaan?

## 2 Die ontstaan van 'n nuwe volk op Afrikabodem: die Afrikaners, 1657—1806

Dit is onsinnig om van die Afrikanerdom van vandag as "white settlers" of "uitlanders" te praat: oor 'n tydperk van nagenoeg 330 jaar op Afrikabodem, het hulle tot 'n Wit inheemse volk geword wat 'n finale vaderland in Afrika gevind het. Hulle praat 'n Dietse taal, die jongste en enigste Germaanse taal — Afrikaans — wat in 'n kontinent buite Europa ontwikkel het. 'n Mens sou van die "Wit stam" van Afrika kon praat, wat nie soos ander Blankes in 'n tydperk van dekolonisasie, 'n "vader"- of "moederland" het waarna hulle kan terugkeer nie. Hulle is in Afrika om as volk met selfbeskikking te bly woon, én met eie bestemming soos enige ander nuwe Blanke volk wat van Europese herkoms in ander kontinente ontstaan het.

Die lotgevalle van die Afrikanerdom word ingedeel in die Nederlands-Oos-Indiese Kompanjiestydperk, 1652 tot 1806, waarin hulle tot nuwe volk gevorm is, die Britse koloniale tyd van 1806 tot 1910, 'n heroïese tyd waarin 'n verbete stryd tussen Boer en Brit om uitbreiding in, en oor die beheer van Suid-Afrika geheers het, die tydperk van 'n verenigde Suid-Afrika, dw.s. 'n unie van Blankes van 1910 tot 1948, waarin hulle gesamentlik regeer het, en waartydens die land as gevolg van industrialisasie, verstedelik het, d.w.s. dat groot demografiese veranderings ingetree het, en laas-

23. Cape Town, 1975.
24. Münster, 1973, 478 pp.

tens die tydperk van 1948 tot 1984, nl. van die alleenheerskappy van die Afrikanerdom, waarin, as gevolg van dekolonisasie, Blanke supremasie deur die Swart inwoners betwis is met steun van die Derde Wêreld, die Weste en die Sowjetryk. Die ou Boer-Britstryd is vervang deur 'n Swart-Witstryd om opperheerskappy. Daarby is Suid-Afrika ingetrek in 'n globale stryd tussen Ooste en Weste en 'n Noord-Suid, Derde en Eerste Wêreldstryd, waarin Suid-Afrika geïsoleer staan, en waarin die ANC 'n belangrike rol speel.

Soos menige ander Blanke volksplanting het die Kaapkolonie sy ontstaan in die 17de eeu gehad, toe Jan van Riebeeck op 6 April 1652 'n verversingstasie in die belang van die Nederlands-Oos-Indiese Kompanjie op Afrikabodem gestig en Kaapstad aangelê het. Om die Kaap selfonderhoudend te maak, het hy in 1657 nege Kompanjiesdienare tot Vryburgers verklaar met die doel om te boer. Grond is aan hulle toegeken. Van Riebeeck se wens dat hulle hul "mettertijt geheel van Hollandt affwennen ende t'eenemael van deze plaetse haer vaderlant ... maecken"[25], het gematerialiseer, want die Vryburgers was die begin van 'n Blanke volk op Suid-Afrikaanse bodem wat die ideaal gekoester het om van hom 'n "Witmansland" te maak. Die groei van die Blanke bevolking was stadig omdat immigrasie teen die beleid van die Kompanjie was. In 1706 was daar 1 732 Blankes en 25 757 in 1806. Omdat die Kompanjie 'n handelsliggaam was met 'n monopolie, kon die Blankes slegs *boere* word, en vandaar die benaming "Boerenasie" wat tot aan die einde van die 19de eeu gehandhaaf is, toe die Afrikanerdom internasionaal so bekend geword het. Die gevestigde Blankes het wyn- en koringboere geword, maar 'n nomadiese tipe veeboer, ook *trek*boer genoem, het die binneland met skape en beeste beset, en teen 1806 was die grense tot aan die Visrivier en tot naby die Oranjerivier uitgebrei.

Die Boesmans (San) is soos in die geval van die Amerikaanse Indiane gedeeltelik verdring, gedeeltelik uitgeroei omdat hulle die veeboere se vee gebuit het, en gedeeltelik "mak" gemaak en as veewagters in diens geneem, terwyl die oorblywende deel na die Kalahariwoestyn in die noorde uitgewyk het, waar hulle vandag nog in Suidwes-Afrika-Namibië bestaan. Die Hottentotte (Khoikhoi) is in 1713 en later deur pokkies uitgedun, waardeur hulle geen hindernis in die weg van Blanke ekspansie was nie. Die meeste het hulle veetroppe deur handel met die Blankes kwytgeraak, wat tot die opbreek van stamme gelei het, met hulle gevolglike omvorming tot landarbeiders van die Boere[26]. Omdat daar aan die begin 'n gebrek aan arbeiders was, is in 1658 slawe ingevoer waarvan daar in 1806 29 545 was teenoor 20 006 Hottentotte (Khoi). Die teenwoordigheid van slawe en Hottentotte het teen die immigrasie van Blankes gewerk en 'n mentaliteit by die Boere gewek dat die growwe vorms van arbeid altoos deur Nie-blankes gedoen moet word, slawe- en "kafferwerk". Geen Blanke werkerklas is derhalwe ontwikkel nie en die ekonomiese welsyn van Blankes het van die begin af op Nie-blanke arbeid berus. 'n Kleurskeidslyn het deur die samelewing gesny. *Kleur* en *stand* is met mekaar verbind. Die Afrikaners het die Nederlandse opvatting[27] na die Kaap gebring, 'n opvatting wat ook in Amerika[28] geheers het, nl dat die inboorlinge die afstammelinge van *Gam* was, wat tot in lengte van dae tot diensknegte van die Blankes gedoem was. In 1806 het Robert Wilson gerapporteer: "All white people are

25. Aangehaal in A.J. Böeseken: *Jan van Riebeeck en sy Gesin*, Kaapstad, 1974, p. 113.
26. H C Bredekamp: *Van Veeverskaffers tot Veewagters*, Instituut vir Historiese Navorsing, Universiteit van Wes-Kaapland, 1981.
27. G D Scholtz: *Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner I*, 1652–1806, Johannesburg, 1967, pp. 215–217.
28. Jack D Forbes, *The Indian in America's Past*, Englewood Cliffs, 1964, p. 34.

esteemed equal ... The Cape people (Afrikaners) ... consider that nature has drawn a determined line between whites and blacks ... and intended that the latter should be always dependents"[29]. Hierdie mentaliteit was vir 400 jaar eie aan die Westerse mens wat weens rassehoogmoed 'n houding van meerderwaardigheid teenoor Nie-Blankes ingeneem het, en wat op grond van huidkleur teen hulle gediskrimineer het. Teen alle godsdienstige en etiese wette in, is op hulle as minderwaardig neergesien — barbare, natuurmense, wildes en heidene — maar daar is van hulle arbeid gebruik gemaak, waarvan die Blankes tot vandag toe afhanklik is. Vandag is die Gamlegende en die minderwaardigheidsmite in Suid-Afrika iets van die verlede, hoewel dit in gefossileerde vorm soos geërf uit die koloniale verlede, nog by sommige Blankes, bewus of onbewus, bly voortbestaan. Hierdie houding is ook teenoor Swartmense buite die Kaapkolonie aan die oosgrens ingeneem. Voor die einde van die 18de eeu is drie grensoorloë teen die Xhosa-volke gevoer waarvan die oorsaak omstrede land d.w.s. weiveld was, want sowel Swart as Blank was veeboere wat van grondbesit afhanklik was.

Blanke immigrante uit Nederland, Duitsland en Frankryk (Hugenote), het op Afrikabodem in isolasie, die rug op die ou wêreld, die see en die handel gekeer, en in konfrontasie met die natuur, 'n landaard ontwikkel wat op Afrika gerig was. In 'n verhouding van 35% Nederlanders, 34% Duitsers, 13% Franse, 5% Britte, 3% ander nasionaliteite en 7% Nie-blankes het hulle tot 'n nuwe volk van Afrikaners ineengesmelt en die Kaap as vaderland aanvaar. Op grond van die Calvinistiese Protestantisme het hulle beskawing nie verval nie en het hulle nie in die inheemse bevolking opgegaan nie. Hulle het 'n eie taal en volkskarakter met eie lewens- en wêreldbeskouing ontwikkel[30]. Die *Ou Testament* het hulle soos Israel in die woestyn laat voel, waardeur 'n Ou Testamentiese mentaliteit ontwikkel is, nl. dat Christene (soos die Israeliete) hulle nie met die heidene (Kanaäniete) mag vermeng nie. Bewus van hulle minderheidsposisie in 'n Swart kontinent, het die Afrikaners 'n afkeer teen bloedvermenging en gelykstelling van Christene met heidene ontwikkel, wat op godsdiens, beskawing en kleur berus het. Dit is soos 'n selfbeskermingsmeganisme in hulle lewens- en wêreldbeskouing ingebou, wat op langtermyn hul houding teenoor Nie-blankes bepaal het, en wat tot vandag toe nog onder die oppervlak van Afrikanerdenke werksaam is.

Teen 1795, die einde van die Kompanjiesbewind, was die nuwe volk van Afrikaners reeds 'n entiteit met liefde vir die land. Hulle het eie lewensvorme gehad en 'n gevoel van saamhorigheid. In 1795 het die distrikte Graaff-Reinet en Swellendam onder invloed van die Amerikaanse en Franse Rewolusies in opstand teen die Kompanjiesregering gekom, en hulle direk onder die gesag van Nederland geplaas. Hulle het na die Tagtigjarige Oorlog verwys en beswaar teen die "Spaanse juk" van die Kompanjie met sy koloniale bestuur gemaak, in hulle landdros, Maynier, 'n "hertog van Alva" gesien, geweier om weer onder "het juk der slavernij" in te gaan, die "vryheid" verheerlik, en onderneem om "het leste droppel bloed voor ons lieve Vaderland en vrijheid" te gee[31], wat 'n verbondenheid met Nederland, maar ook met hul geliefde Afrikabodem, en 'n drang na seggenskap in eie landsake toon.

In 1796, nadat die Britte gekom het, het die Afrikaners hul "gelijk Israel" teenoor "Farao" gevoel[32], en hulleself as "geboren Africaanen"[33] gesien. Reeds in

29. Scholtz, a.w., p. 114.
30. Scholtz, a.w., pp. 160—196.
31. Scholtz, a.w., pp. 315, 317, 320, 324, 359.
32. Scholtz, a.w., p. 359.
33. Scholtz, a.w., p. 408.

1707 het Hendrik Bibault uitgeroep: "Ek is 'n Afrikaner!" Dit was in onderskeid met Europeane van buite die land. In 1784 het die "Kaapse Patriotte" in 'n memorandum aan Nederland verklaar dat hulle die "afstammelingen van geschickte Europiësche Ouders" was, wat hulle "vaderland", Nederland, verlaat het met die doel om hulle "in een woest Land" neder te set en 'n nuwe "veld-leven" te lei[34] — wat van selfbegrip getuig. Daar was teen 1795 'n besef dat hulle aan die een kant weerstand van die kant van inboorlinge ervaar het, en aan die ander kant ekonomies deur hul owerheid, die Kompanjie, onderdruk was, en dat hulle deur opstand hulleself probeer bevry het met die doel om seggenskap oor hul eie sake te kon verkry, maar voor dit kon materialiseer, het die Britte gekom. Teen die "invasion of a superior enemy" het hulle na halfhartige verdediging hul land verloor[35]. Hoewel die Afrikaners na 150 jaar Kompanjiesbewind tot 'n aparte volk geword het, was daar met die koms van die Britte in 1806 nog nie 'n volkome bewussyn van hierdie feit nie. Die nasionale bewussyn is by 'n deel van die Afrikaners tussen 1838 en 1852 gestimuleer, maar hulle sou nie voor 1877—1881 'n eie nasionalisme ontwikkel nie.

## 3 Die heroïese fase van Afrikanergeskiedenis 'n stryd om oppergesag tussen "Boer, Brit en Bantoe", 1806—1910

Die strewe na selfbeveiliging is 'n sentrale tema in die geskiedenis van die Afrikanerdom. Dit spreek sterk uit die fase 1806—1910, wat hoogtepunte gehad het in die Groot Trek (1836—1854), die Eerste Vryheidsoorlog (1880—81), die Tweede Vryheidsoorlog (1899—1902) en die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika in 1910.

Die verowering van die Kaap deur Brittanje om strategiese redes in 1806 — 'n gevolg van die Napoleontiese oorloë — het 'n breuk in die ontwikkeling van die geskiedenis van die Afrikanerdom gebring: Teen wil en dank is hulle van hulle moederland, Nederland, afgesny en, soos die Franse in Kanada, onder Britse bewind geplaas, wat 'n mentaliteit van verworpeling te wees en stiefkind van 'n vreemde bewind laat posvat het. Die Britse ontneming van regte soos taal, nasionaliteit, die anglisering van die Kaapkolonie, die verwaarlosing aan die grense onder 'n filantropies-liberale beleid wat hulle laat glo het dat hul toekoms teenoor die Swartes in gevaar gestel word, die gebrek aan seggenskap in die landsregering en gelykstelling met die Hottentotte en slawe wat op onbillike en onetiese wyse vrygestel is, as mede uit hoofde van ekonomiese, politieke en kulturele redes, het 'n deel van die Afrikaners in opstand laat kom teen die Britse bewind. Dit het in die vorm van 'n landverlating, die "Groot Trek" genoem, plaasgevind, waarin sowat 10 000 uit 52 000 Afrikaners as "Voortrekkers" in 1836—1838 deelgeneem het, as gevolg waarvan drie Boererepublieke gestig is, Natal (in 1843 deur Brittanje uit strategiese oorwegings verower en geannekseer), die Suid-Afrikaanse Republiek (Transvaal) en die Republiek van die Oranje-Vrystaat (wat van 1848—1854, ná anneksasie, Britsbeheerd was), waarvan die onafhanklikheid deur Brittanje in 1852 en 1854, en later deur ander moondhede erken is. 'n Republikeinse tradisie is in isolasie in die binneland van Suid-Afrika gevestig. As gevolg van die Groot Trek het die land die provinsiale struktuur gekry wat dit vandag nog het, plus 'n ou-ou stryd wat telkens in ons geskiedenis opgeduik het, nl. tussen Noord en Suid, waaroor later. Ook is hul taal en kultuur veilig gestel.

Die Groot Trek kan vergelyk word met die Amerikaanse Vryheidsoorlog, want

34. Scholtz, a.w., p. 274.
35. C F J Muller: *Johannes Frederik Kirsten*, Pretoria, 1960, pp. 54—55.

na 17 jaar politieke worsteling en militêre verset teen die Britte, is onafhanklikheid bereik — die eerste suksesvolle anti-koloniale opstand in Afrika teen Britse oorheersing — in die woorde van die Voortrekkers: "het Yzere Schepter van het Coloniaal bestuur"[36]. Soos die Hollanders, Duitsers en Franse vroeër hulle moederlande in Europa verlaat het om na Afrika te kom, só het die Voortrekkers hulle "Moederland", die Kaapkolonie, verlaat om as Afrikavolk nuwe "volksplantinge" of "kolonies" in die binneland op te rig. In hulle selfbeeld verskyn die Groot Trek by die Volksraad van 1842 as 'n vryheidsbeweging, nl om hulle as "Hollandsche Zuid-Afrikaansche Colonisten" van 'n vreemde bewind, die Britse regering, los te skeur. Hulle betreur die afsnyding van Nederland in 1806 en sien hulle bestaan ná 30 jaar onder Britse bewind as 'n kultuurbotsing en onderdrukking, waarvan hulle ontsnap het om onafhanklikheid te bereik. "Als bastaard kinderen, door vreemdelingen uitgestoten uit de vaderlyke woningen, gevoelden zy die vernederende hardigheid, en droefheid knaagden aan hunne harten". Hulle het bygevoeg "dat de Kaapsche kolonisten, uit oorzaak van dagelyksche verwaarloozing, en verachting van hunne Regten en Voorregten, ondergane beledigingen, vernedering en bespotting in eer en reputatie, verkrachting van regt en eigendom, en weigering van bescherming van eigendom en leven, genoodzaakt zyn geworden hun dierbaar Vaderland en veele hartelyke, geliefde betrekkingen, achter te laten"[37]. Die Groot Trektydperk, trouens, sou vir die komende geslagte nasionale mitologieë lewer en tot historiese regverdiging vir die bestaan van die Afrikanerdom word — ásof slegs diégene wat aan die Groot Trek deelgeneem het, goeie, groot en opregte Afrikaners was, terwyl vergeet is van die Afrikaners van koningin Victoria, wat die beskaafde boerewonings in die Hollands-Kaapse boustyl opgerig het, en wat amptenare vir die latere Boererepublieke gelewer het. Hulle het nog voor die Transvaalse Afrikaners nasionaalbewus geword.

Hierby moet bedink word dat die Groot Trek tot 'n tweede breuk in die ontwikkeling van die Afrikanerdom gelei het: terwyl een deel, soos gesê, as koningin Victoria se Afrikaners in die Kaapkolonie agtergebly het — die meer gevestigde, gegoede en ontwikkelde deel — het die onderontwikkelde, beweeglike en ekonomies swakker elemente, die Engelsbeheerde Kaapkolonie sedert 1836 verlaat en pioniernedersetters in die noordelike binneland tussen honderde duisende Swartes geword, waar hulle in geestelike en kulturele isolasie geleef het, wat hulle lank in onderontwikkeldheid en pionierstoestande gehou het. Sowel die afsnyding van Nederland in 1806 as die afsnyding van die Voortrekkers van die Kaapkolonie in 1836 (waarin die Afrikaners van koningin Victoria tot Suidelike libertyne geword het in teëstelling met die Noordelike *escapiste* en ultra-konserwatiewes), het tot 'n gesplete volkspersoonlikheid by die Afrikanerdom gelei, wat hom telkens in 'n stryd tussen Noord en Suid geopenbaar het, 'n stryd wat tot vandag toe in politieke slingerbewegings voortduur, en wat in tye van krisis, telkens ook tot die verbrokkeling van die Afrikanerdom aanleiding gegee het. Die Noord-Suid pendulumbewegings is 'n historiese fenomeen wat verdere studie verdien.

Die Groot Trek het ook na botsings met die Swart volke van die binneland gelei. Tussen 1816 en 1836 het inter-Swart oorloë geheers — die *Difaqane* genoem, waarin na skatting volgens G. McCall Theal, twee miljoen die lewe gelaat het. Die kleiner Sotho- e.a. stamme van die binneland is verjaag en uitgedelg en hulle het in die woestynrand van Betsjoeanaland die berge van die Limpopo, Lebombo- en Drakensberge

36. F A van Jaarsveld: *Die Afrikaners se Groot Trek na die Stede*, Johannesburg, 1982, p. 121
37. Van Jaarsveld, a.w., p. 118.

skuiling gevind wat soos in 'n halfmaanvorm rondom die huidige Transvaal en Vrystaat gelê het, met in die tussenruimte enkele reste van stamme, en oorheers deur die Ndebele-koninkryk van Mzilikazi en die Zoeloekoninkryk van Tsjaka en sy opvolger, Dingane. Die Ndebele het die Voortrekkers by Vegkop in 1836 aangeval. In 'n defensiewe oorlog is hulle in 1837 verslaan, waarop hulle Transvaal verlaat en na Zimbabwe gevlug het. Die gebied tussen die Vaalrivier en die Limpopo is daarop deur Potgieter tot verowerde gebied verklaar en by die 30 onderdrukte swart volkstamme het die oppergesag van die Voortrekkers aanvaar. Ook is grond tussen die Vaal- en Vetrivier van Makwana, 'n Swart stamhoof, gekoop asook in Oos-Transvaal van die Pedi en die Swazies. In Natal het Piet Retief 'n traktaat van grondafstand van Dingane verkry, maar hy is met 65 man verraderlik vermoor, waarop die Zoeloes honderde Voortrekkers oorval en uitgemoor het. Op 16 Desember 1838 het Andries Pretorius Dingane se Zoeloeleërs wat hulle by Bloedrivier aangeval het, verslaan, waarop Natal op grond van genoemde traktaat én verowering, tot Voortrekkergebied geproklameer is.

Die botsing met Swartmense was so 'n traumatiese ervaring dat dit diep in die onderbewussyn ingesink, en die houding van toekomstige geslagte bepaal het, "onuitwisbaar in die geheue van ons nageslag". Die Voortrekker-Afrikaners het hulleself nie net gesien as slagoffers van die Engelse nie, maar ook van die Swart leiers nl as "Heidense, bloeddorstige aardse tiranne" wat talle Afrikaners "op 'n wreedaardige, moorddadige en verraderlike wyse" om die lewe gebring het[38]. Die beeld van die Swartmens vir die noordelike Afrikaner was wreedaardig, roofsugtig, moordlustig en verradelik[39]. In 1851 het H.T. Bührmann uit Lydenburg geskryf: "Duisende kaffers woon rondom ons en omsingel ons. Hulle is ons vyandiggesind. Ook húlle het gewere, kruit en lood; ook hulle verlang om die bloed van ons vrouens en kinders te vergiet"[40].

In die grondwette van die twee Boererepublieke is in 1854 en 1858 ingeskryf dat hoewel die Swartes onderdane van die staat is, geen stemreg of burgerregte in kerk of staat aan hulle toegeken sal word nie, 'n beginsel wat tot vandag toe nog deur die meeste Afrikaners gehandhaaf word. Grond is ewewel vir stamme opsygesit, maar die "wilde" Swartes is in landelike arbeiders omskep, waaruit 'n soort Boere-"feodalisme" ontstaan het — ekonomiese integrasie. 'n Stryd het tot aan die einde van die 19de eeu om opperheerskappy tussen talle Swart stamme en die Boere geheers wat deur die vuurwapen ten gunste van laasgenoemde beslis is.

Word die lotgevalle van die Boererepublieke as randstate aan die Britse ryk en omring deur vyandiggesinde Swart volke in oënskou geneem, gee dit 'n droewige beeld van onmag en stryd om oorlewing. Swart verset van die kant van Basoetoland het vertraging in die ontwikkeling van die Vrystaat gebring, en sodanige middelpuntvliedende kragte tevoorskyn gebring dat die onafhanklike voortbestaan van die staat telkens bedreig is òf deur vereniging met Transvaal òf federasie met Kaapland. Eers die koms van pres. Brand het bindkragte en solidariteit gebring wat op die basis van ekonomiese voorspoed ná 1870 'n "modelstaat" van die landelike republiek gemaak het. Die Transvaalse Republiek hierteenoor is langer deur pioniersomstandighede vertraag. Gebrek aan betaalmiddele het verhinder dat 'n behoorlike administrasie ingerig, en voldoende ammunisie aangekoop kon word om hom teen Swart verset te

38. F A van Jaarsveld: *Geskiedkundige Verkenninge*, Pretoria, 1974, p. 23.
39. F A van Jaarsveld: *Omsingelde Afrikanerdom*, Pretoria, 1978, p. 57.
40. Van Jaarsveld, a.w., p. 57.

verdedig. Sy Swart militêre bondgenote, die Swazies, moes hom telkens teen opstandige stamme te hulp snel en mede-swartes onderwerp. In 1867 is die voorpos Soutpansberg opgegee toe Schoemansdal verbrand is. Daarby was die Blankes sodanig verdeeld dat van 1860 tot 1864 burgeroorloë gewoed het wat die staat teenoor die Swartes verswak en magteloos laat word het. Britse inmenging ten gunste van Swart volke ná 1868, het onsekerheid en beperking van grense gebring. Selfs nie pres. Burgers se idealistiese skemas ná 1872 kon redding bring nie. Inwendige swakheid het die Republiek in 1877 ten gronde laat gaan, nieteenstaande "hervormings" wat ter elfder ure beproef is.

'n Gebeurtenis wat Afrikanergeskiedenis diep beïnvloed het, was die ontdekking van *diamante* in die westelike dele van die twee Boererepublieke in 1867. Brittanje het daarop in 1871 die diamantgebied wederregtelik geannekseer soos ook Basoetoeland in 1868, d w s met 'n imperialistiese ekspansiebeleid begin wat op 'n federasie van al die blanke gebiede onder Britse vlag moes uitloop. Om die federasie deur te voer, d.w.s. om die afhanklikheid van die Boererepublieke te ontneem, is Transvaal in 1877 geannekseer wat die omsingelde Vrystaat moes dwing om ook in die federasie te kom. Die anneksasie was 'n derde groot breuk of diskontinuïteit in Afrikanergeskiedenis wat groot gevolge gebring het, nl. die oorbrugging van die Groottrekbreuk en die geestelike vereniging van die verspreide Afrikanervolk. Die Transvaalse Boere het hulle verset, en in 1880—81 die Eerste Transvaalse Vryheidsoorlog teen Britse oorheersing geveg, wat by Amajuba op 'n oorwinning uitgeloop het, waarop Brittanje die onafhanklikheid van Transvaal herstel het. Die oorlog het Afrikanernasionalisme in die lewe geroep wat 'n geestelike eenheid van die Afrikanerdom gemaak het. Die Afrikaners van koningin Victoria wat met die Groot Trek in die Britse kolonie agtergebly het, het 'n Afrikanerbond gestig en tot kulturele ontwaking gekom wat "Afrikaans" as "eie" taal, tot sentrum gehad het. Sowel die Kaapse as Vrystaatse Afrikaners het hulle deur simpatie met die Transvaalse "broeders" vereenselwig. 'n Sterk historiese bewussyn van 'n gemeenskaplike verlede en 'n strewe na 'n verenigde Suid-Afrika onder Afrikanerleiding, het ontstaan.

"Wat die mens is, ervaar hy deur die geskiedenis". Hierdie woorde van Wilhelm Dilthey kan op die selfbegrip van die Afrikaners rondom 1880—81 toegepas word. Hulle het hulleself as 'n deur die Engelsman onderdrukte, verjaagde en vervolgde nasie gesien wat deur belastering, kantkiesing vir Swartes, die anneksasie van hul grondgebied, vervolging en beoorloging, veronreg, misken en vertrap is, waardeur hulle geskiedsbeeld van 1806 tot 1881 'n bewussyn van griewe geword het[41]. Ds S J du Toit het 'n nasionalistiese boek uitgebring: *Die Geskiedenis van ons Land in die Taal van ons Volk*, en gedefinieer: "Daar is ... drie soorte Afrikaners. Daar is Afrikaners met Engelse harte. En daar is Afrikaners met Hollandse harte. En dan is daar Afrikaners met Afrikaanse harte. Die laaste noem ons die *regte* Afrikaners". W. Coetzer het in dié jare geskryf: "Dink tog daaraan van wie ons Afrikaners afkomstig is. Ons is grotendeels nakomelinge van arme vlugtelinge om hulle geloofswil uit Europese lande, wat in Suid-Afrika hulle vryheid gesoek het, destyds nog 'n wildernis, vol ongedierte en barbaarse nasies. Dink tog daaraan hoe ons voorouers moes veg en stry om hulle en óns vryheid te verwerf het"[42]. Paul Kruger, die leier van die Boere se verset teen die Britse

41. F A van Jaarsveld: *Die Afrikaner en sy Geskiedenis*, Kaapstad, 1959, pp. 63—118.
42. *De Express*, 18.3.1886.

oorheersing wat tot vandag toe 'n held in die Afrikanerdom se vryheidstryd gebly het, het in 1881 verklaar dat hulle sal oorwin — Afrika vir die Afrikaner van Zambesi tot Simonsbaai[43] — ironiese woorde in 1981! Die geskiedenis van Israel van die Ou Testament is op die lotgevalle van die Boere van toepassing gemaak en die geloof het ingeslaan dat hulle "Gods volk" is en soos Israel in Egipte voor 'n Engelse Farao gestaan het. Die Britse federasiepoging het misluk, maar die Afrikaners het hulle gemeenskaplike herkoms, nasionaliteit en geskiedenis ontdek en dáárin 'n ankerpunt vir die toekoms gekry. Nasionalisme is sedertdien in die Afrikaners se lewens- en wêreldbeskouing as 'n soort instinktiewe meganisme ingebou om te verhoed dat hulle deur die Engelse geabsorbeer word, net soos hulle vrees vir gelykstelling en bloedvermeng met Swartes hulle van absorbsie in laasgenoemde moes vrywaar.

Die ontdekking van *goud* in 1886 binne Paul Kruger se Boererepubliek, Transvaal, het die isolasie van die Boere verbreek en hulle met die Britse Industriële Rewolusie en die internasionale wêreld in aanraking gebring. Met die doel om die Republiek met sy ryk goudvelde binne die Britse Ryk te bring, het Cecil Rhodes die simbool van Britse Imperialisme, weer eens 'n federasiepoging geloods. In 'n tyd van "Scramble for Africa", is Transvaal met dié doel voor oë deur die anneksasie van Betsjoeanaland (1885), Rhodesië (1889) en die Ooskusgebiede tussen 1884 en 1895, geïsoleer en met Britse gebied omring. Die sluiting van die grens het 'n vierde groot breuk in Alfrikanergeskiedenis gebring, nl. die stopsetting van hulle verdertrek in Afrika, d.i. hulle pioniersfase, en die begin van 'n nuwe lewe, nl. 'n trek na die stede wat ná 1902 veral, 'n verandering van hulle lewenswyse gebring het.

Brittanje het die eis gestel dat Paul Kruger die stemreg aan die duisende "Uitlanders" — meestal Britse onderdane wat na die goudvelde gestroom het — moes gee in die hoop dat die Blanke vreemdelingmeerderheid die Boereminderheid sou uitstem, wat Transvaal sonder oorlog in die Ryk kon laat beland. Toe Paul Kruger weier om dit te doen òf om op Britse voorwaardes in die Britse Ryk op te gaan, het die Tweede Vryheidsoorlog in 1899 uitgebreek wat tot 1902 geduur het — vir die Afrikaners 'n tweede traumatiese ervaring, waarin 4 000 Boere op die slagveld en 26 000 vrouens en kinders in 66 Britse konsentrasiekampe omgekom het. Deur 'n verskroeide aardebeleid is die Boererepublieke verwoes, wat die Afrikaners tot in die grond verarm het. Hulle het internasionaal as vryheidshelde teen 'n Wit imperialisme van buite Afrika bekend geword. Boeregeneraals soos Louis Botha, J.B.M. Hertzog en Jan Christiaan Smuts het Suid-Afrika ná die oorlog tot in 1948 as eerste ministers geregeer — krygshelde van die oorlog.

Die Anglo-Boereoorlog het Afrikanernasionalisme laat herlewe en dit tot oorheersende krag in die 20ste eeu laat word. Die sterk historiese bewussyn wat daaruit te voorskyn gekom het, het hulle politieke handelinge bepaal. In 1899 het *'n Eeu van Onreg* verskyn wat die Boeregriewe teen die Britte in 'n 100-jarige "stryd tussen Boer en Brit" omskryf het. Dit begin so: "Die uur het aangebreek wanneer beslis sal word of Suid-Afrika deur die handhawing van sy vryheid 'n nuwe tydperk van sy geskiedenis sal binnegaan, of dat ons volk sal ophou om te bestaan". Die selfbegrip van die Noordelike Afrikaners is hierin só uitgebeeld: "Die jong Afrikanervolk het hom tot 'n hegte blanke aristokrasie gevorm en ontwikkel op die onafsienbare donker agtergrond van die tallose Swartmensdom; die Afrikanergees van baasskap wat met dié ontwikkeling saamhang, is deur die Britse regering op die gevoeligste wyse gekwets deur langs tallose weë die kant van die Swartes bo dié van die Afrikaner te kies". Daar is

43. *Staatscourant Z A Republiek*, I/6, 16.2.1881.

geadviseer: "Hou vas aan die God van julle vaders".

Die verowerde Afrikaners is in die Britse Ryk opgeneem, en het 'n gevoel van minderwaardigheid teenoor die ryk Engelse veroweraars wat die ekonomie beheer het, ontwikkel. Die herinnering aan die konsentrasiekampe en die ontneming van hulle vryheid het die Afrikaners dwarsdeur die 20ste eeu bygebly en verdeeldheid gebring. Die ideaal was om as volk verenig te raak met die doel om hulle tot 'n politieke krag in 'n vrye Britse Dominium te maak, wat die mag kon oorneem, én om uit die Britse Ryk, later Statebond, los te kom en die verlede in die vorm van 'n Republiek te herstel. Die Britse oorwinning het die federasie-ideaal van Rhodes, Milner en Chamberlain — al drie groot Britse imperialiste — uiteindelik laat slaag, en in 1910 het die Unie van Suid-Afrika tot stand gekom, wat die Britse kolonies — Kaap die Goeie Hoop en Natal, en die twee voormalige Boererepublieke, Transvaal en Vrystaat — onder die Britse vlag tot 'n Dominium van die Britse Ryk laat verenig het. Alle Afrikaners het toe in een staatkundige verband saamgekom: dit was 'n ooreenkoms tussen, en vereniging van Blankes — Boer en Brit — in 'n "Wit Suid-Afrika", waarvan die Nie-Blankes as deelnemers uitgesluit is. Húlle belange is op die altaar van 'n Boer-Britse versoening deur Brittanje opgeoffer.

In daardie stadium het die Swartes nog nie 'n internasionale waarde gehad nie, en was as "the White man's burden" en "the lesser breeds" probleme van die Wittes — 'n "Native Question", 'n "Coloured Question" en 'n "Indian Question" — wat eensydig deur hulle opgelos moes word. Die Nasionale Konvensie wat tot die Unie van Suid-Afrika gelei het, het net een stel tydgenootlike probleme opgelos, nl. dié tussen die twee Blanke taalgroepe; die probleem van die verhouding van Swart en Wit is vir 'n oplossing na die toekoms verskuif. Jan Smuts het in 1909 verklaar: "When I consider the political future of the Natives ... I must say that I look into shadows and darkness and then I feel inclined to shift the intolerable burden of that sphinx problem to the ampler shoulders, and stronger brains of the future"[44]. F S Malan het in die Nasionale Konvensie gepleit om die stemregkwessie vir Nie-Blankes daar en dan op te los, want, sou dit nie gebeur nie, "a state of war similar to that between Boer and Briton would develop in future ... it had taken a hundred years of strife and tears to bring the Europeans into unification. By not facing squarely the disagreement over the Natives, they were once again heading for a struggle and tears and suffering"[45]. In 1911 het genl J.B.M. Hertzog geskryf: "Ever since 1903 I have advocated segregation as the only permanent solution of the question, and it is to me very clear that unless such a policy is undertaken soon, the conditions necessary for its realization will ... vanish. It is with a feeling akin to horror that I look into the future with this question unsolved. Our children and their posterity will more and more feel the dead weight of a lower civilization dragging them down to the lever of their native environment, unless they abandon the country and emigrate elsewhere, or unless they suffer themselves to be completely extirpated"[46]. Vandag verkeer ons in die posisie wat deur F S Malan en Hertzog voor-uitgesien is.

Die 19de eeuse "stryd" tussen die Blankes — Boer en Brit — het soveel energie geabsorbeer dat die werklike probleem van Suid-Afrika, die verhouding van Swart tot Wit, nie betyds raakgesien is nie. Nie sonder rede nie het Anthony Trollope in 1878 ná 'n besoek aan Suid-Afrika opgemerk: "South Africa is a country of black men. It has

---

44. G D Scholtz: *'n Swart Suid-Afrika?*, Johannesburg, 1964, p. 250.
45. J F Preller: *Konvensie-Dagboek van F.S. Malan, 1908—9*, Cape Town, 1951, p. 57.
46. *Ons Vaderland*, 28.11.1924.

been so, it is so; and it will continue to be so ... The most important person in South Africa is the Kafir and the Zulu, the Bechuana and the Hottentot; not the Dutchman or the Englishman"[47]. In 1897 het *De Express* na aanleiding van die Britse beleid van politieke gelykstelling van Swartes en Blankes geskryf: "Die dag sal kom dat elke Blanke sal insien dat Afrika onmoontlik 'n witmansland kan word as die Blankes wat verreweg 'n minderheid teenoor die inboorlinge vorm, nie hulle kragte verenig nie". Hierdie Vrystaatse koerant was oortuig dat, indien gelyke politieke regte aan die Swartes toegeken word, hulle op die duur die baas van die Blanke ras sal word, en het om dié rede betekenisvol gevra: "Sal die Blankes hulle dan onder die Swartes gaan buig"?[48] In dieselfde jaar het dr J W G van Oordt gewaarsku dat dit in die toekoms kon wees dat die Blanke aristokrasie "tot afhanklikheid van die massa, nl. 'n Swart massa" gedoem sal wees[49]. Met die Nasionale Konvensie van 1909, toe die Afrikaners van die voormalige Republieke verhinder het dat stemreg aan die Swartes en Gekleurdes van die Noorde verleen sou word, het J P G Steyl in die Vrystaatse Parlement beweer: "Providence had provided that he (die Nie-blanke) should remain a drawer of water and a hewer of wood"[50], wat bevestig het wat J J Ferreira in 1895 in Transvaal beweer het, nl. dat "Gams zonen vervloekt zijn. Hier in deze wereld heeft de Heer dit verschil gemaakt en wie zal het veranderen"?[51] Die Afrikaners is die 20ste eeu binne sonder dat die probleme tussen Swart en Wit opgelos is, en het in die illusie gelewe dat die Unie 'n "witmansland" van Suid-Afrika gemaak het.

## 4 Die nasionalistiese Afrikanerdom behaal 'n politieke oorwinning oor die Engelse teen die agtergrond van verstedeliking en die opkomende gety van Swart nasionalisme, 1910—1948

In 1904 was daar sowat 'n halfmiljoen Afrikaners en 'n halfmiljoen Engelstaliges, altesaam 1 117 234 Blankes. In 1911 het hulle 1 276 319 (21,4% van die totale bevolking) getel, die Swartes 4 018 875 (67,3%) die Asiate wat sedert 1860 deur die Engelse suikerboere van Natal in die land gebring is, 152 094 (2,6%) en die Kleurlinge 525 466 (8,8%) — 'n bevolking van altesaam 5 972 757. Die verspreiding oor stad en platteland was soos volg: Blankes 52%—48%, Swartes 13%—87%, Asiate 53%—47% en Kleurlinge 50%—50%. Sowat 10% van die Afrikaners was verstedelik teenoor 90% wat ooreenkomstig die tradisie wat deur die Hollands-Oos-Indiese Kompanjie geskep is, 'n bestaan as boere op die platteland gemaak het.

Die tydperk 1910—1948 is gekenmerk deur snelle verstedeliking as gevolg van die goudmynbedryf en ander minerale ontginnings en die opkoms van sekondêre industrieë. Die verstedelikingsproses van die Afrikaners en die Nie-Blankes het parallel verloop. Landelike armoede het hulle na die stede wat snel opgekom het, laat verhuis, en die ontwikkeling van 'n politieke en nasionale besef by hulle, het ook parallel met dié van die Blankes verloop, maar volgens die beginsel van segregasie wat onwetend op diskriminasie neergekom het. Naas die armblankevraagstuk van die Afrikaners was daar ook 'n armswartvraagstuk. Deur die mag van die Blanke staat is die armblanke Afrikaners teen ekonomiese kompetisie op die arbeidsmark teen die armswartes deur wetgewing beskerm — die "colour bar" van 1911, 1926 en 1956 wat geskoolde werk

47. *South Africa II*, London, 1878, p. 332.
48. *De Express*, 17.9.1897.
49. *Slachtersnek*, Kaapstad, 1897, p. 140.
50. L M Thompson: *The Unification of South Africa*, London, 1960, p. 333.
51. *De Volksstem*, 5.1.1895.

met hoër betaling slegs vir Blankes gereserveer het. Wat aan die begin van die 20ste eeu as 'n "Naturellevraagstuk" gesien is, was in wese 'n arbeidsvraagstuk.

Terwyl die Afrikaners en Swartes op die platteland in 'n vriendskaplike, paternalistiese verhouding teenoor mekaar verkeer het, het hulle skeiding by die Blanke stede hulle van mekaar vervreem en van mekaar laat weggroei, hoewel hulle as ongeskoolde arbeiders in diesdelfde werkplekke doenig was. Omdat die Engelstaliges welsynswerk in die Swart woonbuurtes verrig en werk verskaf het en onderwys deur Engelsbeheerde sendingskole aan die Swartes by die stede gebring is, is húlle beginsel van 'n eenheidstaat met stemreg aan almal deur die stedelike Swartmense aanvaar en die Afrikaners se beginsel van etnisiteit en segregasie verwerp, hoewel lg. ook 'n beginsel van Engelse werkers was, want, as gevolg van die Swartes se koms na die stede het ook hulle hul bedreig gevoel. Om dié rede kon die Engelse Sosialistiese Arbeidersparty in 1924 in 'n *Pakt* saam met die Afrikaners se behoudende Nasionale Party werk en die regering oorneem, wat deur kunsmatige beskerming die Wit teenoor die Swart werker bevoordeel het.

Terwyl die Engelstalige die ekonomie oorheers het, het die 20ste eeuse Afrikanerdom hom op die politiek en gepaardgaande konstitusionele ontwikkeling toegelê. Ter wille van selfbeveiliging het hy die politiek as wapen aangegryp om hom kultureel en ekonomies in die vreemde omgewing van die stede te beskerm. Teenoor die Swartes sou hy 'n beleid van segregasie volg en teenoor die Engelstaliges 'n beleid van kulturele isolasie. Die verdeeldheid wat onder die Afrikaners ingetree het, was die gevolg van die vraag wat hulle houding teenoor die Engelse moes wees wat die land kultureel, ekonomies en polities oorheers het. Lord Milner het die Hollandse taal ná die oorlog onderdruk, maar die Uniegrondwet het gelyke taalregte aan Engels en Nederlands, die skryftaal van die Afrikaners, gegee. Desnieteenstaande is Hollands ten agter gestel. Die nasionalistiese beweging onder die Afrikaners het om die *Taal* gewentel en in 1925 is die skryftaal, Nederlands, amptelik met *Afrikaans* vervang, die spreektaal sedert die 18de eeu, en het die Afrikaners hulle kulturele agterstand probeer inhaal deur 'n eie letterkunde in Afrikaans te skep. Kulturele selfbeskermingsmaatreëls is deur die Afrikanerbroederbond (1919) en die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK, 1929) bewerkstellig. Om hulle ekonomiese agterstand by die Engelstaliges in te haal, is in 1939 die Reddingsdaadbond gestig.

Die Afrikaners se aandeel in die ekonomiese lewe het van 1939 tot 1966 soos volg gestyg: in die handel van 8% tot 30%, in die nywerheid van 3% tot 9%, in die geldwese van 5% tot 14% en die mynwese van 1% tot 11%. Die Afrikaners het in 1948 die politieke mag oorgeneem maar nie die ekonomiese nie. Hulle werkers het nie in die vakbondwese as arbeidsmag opgegaan nie, maar 'n tuiste in die Nasionale Party gevind en geleidelik verburgerlik. Die ekonomiese agterstand is nooit ingehaal nie.

Om die politieke mag te wen, het die Afrikaners die beginsel van volkseenheid voorgestaan in opposisie teen genls. Botha en Smuts (en tussen 1934—1939) genl. Hertzog se beginsel van samewerking tussen Engels- en Afrikaanssprekendes in 'n Blanke Suid-Afrikaanse nasie. Uit protes teen premier Botha se konsiliasiebeleid het genl. Hertzog die Suid-Afrikaanse Party wat in 1911 gestig is, verlaat en die Nasionale Party in 1914 gestig, wat die begin was van die strewe om alle Alfrikaners daarin te verenig. Die Eerste Wêreldoorlog het hulle verder verdeel; 'n deel wat nie vir Brittanje teen Duitsland wou veg nie vanweë hulle onderwerping in 1902, het teen die staat gerebelleer wat die Republikeinse idee laat herleef, nasionalisme gestimuleer en die beginsel van afskeiding van die Britse Ryk versterk het. 'n Sterk anti-Engelse en anti-Ryksgevoel het ontwaak: die Afrikaners het hul historiese *paranoia* a.g.v. "die Im-

perialisme" en 'n mentaliteit van vervolgingswaan sterk ervaar.

Tot 1948 was die Afrikaners verdeel: terwyl een gedeelte premiers Botha (1910–1919) en Smuts (1919–1924) se Suid-Afrikaanse nasie-idee van nasionale eenheid tussen Engelse en Afrikaners ondersteun het, het die ander deel in die Nasionale Party – 'n eksklusief Afrikanernasie-idee aangehang. Hulle selfbegrip tussen 1912 en 1924 is goed uitgedruk in T B Muller se *Die geloofsbelydenis van 'n Nasionalis* (1913), N J Brummer se *Die Afrikaanse Nasie* (1920) en S.P.E. Boshoff se *Volk en Taal van Suid-Afrika* (1921). Dit kom neer op 'n chauvinisties Afrikanersentriese vertolking van die verlede van Suid-Afrika: slegs húlle vorm die enigste nasie in die land: Die Engelse het 'n "Home" in Engeland, terwyl die Kleurlinge, Asiate en Swartes geen blyke van selfbewuste strewe na volksideale getoon het nie. Hierdie "jong volk" is volgens die skrywers 'n organisme met eie "volksiel", 'n produk van sowel die natuurlike omgewing van Afrika as die geskiedenis. Die stryd teen die inboorlinge het hom bewus gemaak van sy "rassuiwerheid", wat sy volksbewussyn versterk het, terwyl die botsing met die Engelse in twee Vryheidsoorloë sy selfbewuswording van 'n aparte volk- en nasieskap versterk het. 'n Lyn van onderskeid met die Engelse is "met bloed" getrek wat die kloof tussen Kaaplanders, Vrystaters, Transvalers en Natallers uitgewis, en hulle tot lede van een nasie, die Afrikanervolk, verenig het. Hulle het 'n eie taal, geskiedenis, godsdiens, kerk en skool, en die Voorsienigheid het hul weë bestuur. Daarom behoort hulle saam te staan en vir hulle regte te veg totdat hulle 'n oorwinning behaal het. Dit sou die onderdrukking ophef en die gevoel van minderwaardigheid teenoor die veroweraars afwerp.

Hierdie bruisende gevoel van nasionalisme is deur die *Pakt* of koalisie met die Engelse Arbeidersparty gebreidel, wat ná die staking van 1922 saam met die Nasionale Party gewerk en genl Hertzog in 1924 aan die bewind gehelp bring het. As gevolg van die Depressie het Hertzog en Smuts die Nasionale Party (NP) en die Suid-Afrikaanse Party (SAP) in 1934 saamgesmelt tot die Verenigde Party (VP), wat onder leiding van premiers Hertzog en Smuts tot 1948 geregeer het. Dr. D F Malan het die ou NP gehandhaaf en tot opposisieleier geword. Dit was 'n regse, radikaalnasionalistiese Party wat in verset teen die "Britse Imperialisme" soos voorgestaan deur Smuts, stelling ingeneem het op die beginsel van 'n eksklusief Afrikanernasieparty, wat die mag moes verower om Suid-Afrika van alle euwels te red. Die opposisie-NP het in 1936 'n Republikeinse Party geword, wat Suid-Afrika van die Ryksbande moes verlos. Dit is bekend dat Hertzog in 1926 soewereine onafhanklikheid vir die Unie van Suid-Afrika verkry het – die gevolg van 'n proses van ontvoogding van die Wit Dominiums van Brittanje. Hertzog, wat die Unie in 1939 neutraal wou hou in Brittanje se oorlog teen Duitsland, het 'n nederlaag gely teen Smuts, wat Suid-Afrika tot 1948 geregeer het. Die deelname aan die Tweede Wêreldoorlog het net soos die Eerste die Afrikaners verdeel en polities magteloos gemaak. 'n Deel wat die Ossewa-Brandwag aangehang het, het met die Nasionaal-Sosialistiese gedagte van 'n gesagstaatrepubliek gespeel, maar hulle het 'n nederlaag teen dr. Malan se NP gely. Malan het op die beginsel van Afrikaner-volkseenheid gestaan, en gehoop om die Smutsregering wat deur die NP as 'n werktuig van die Engelse en die Britse imperialisme gesien is, te verslaan. Daartoe het die swak ekonomiese toestand ná die oorlog en Smuts se oorgerustheid bygedra. Maar ook die "nuwe" rassepolitiek van dr. Malan se NP – *Apartheid* – het ten gunste van die Afrikanerdom gewerk.

As gevolg van die toestroming van Swartes na die Blanke stede gedurende die Tweede Wêreldoorlog en hulle eise om gelykberegtiging, en die nasionalistiese gees deur hulle geopenbaar, asmede die emansipasie van koloniale volke in die Ooste, wou

die Afrikaners tot die "redding" van die Unie van Suid-Afrika kom deur 'n omvattende rassebeleid te formuleer wat verder as die tradisionele segregasiebeleid moes gaan. As gevolg van die industriële uitbreiding sedert 1933 en die verstedeliking van Swartmense, het die beleid van gebiedskeiding of segregasie waarmee in 1913 'n begin gemaak is, misluk. In dié jaar is grond vir Swartes in reservate opsygesit, wat in 1936 sódanig aangevul is dat 13% van die land aan hulle toegesê is. Die Afrikaners as "verspätete Nation" het versuim om die enigste blywende oplossing van die rassevraagstuk vroeg in die 20ste eeu te beproef nl. 'n billike verdeling van die land en daadwerklike gebiedskeiding. Hertzog se "oplossing" van die rassevraagstuk het al meer om die stemreg gesentreer: in 1936 is die Swartmense van die gemeenskaplike Kaapse kieserslyste verwyder en op 'n aparte kieserslys geplaas. Dr. Malan het dieselfde vir die Kleurlinge geëis, maar dit het geen werklike oplossing van die rassevraagstuk ingehou nie. Die verstedelikingsproses was onstuitbaar. In 1946 was daar 2 372 044 Blankes waarvan nagenoeg 58% Afrikaners, 7 830 559 Swartes, 928 062 Kleurlinge en 285 260 Asiate. Hulle was toe soos volg verstedelik: 75% Blankes, 24% Swartes, 61% Kleurlinge en 71% Asiate. Die Blankes het 20,8% van die totale bevolking uitgemaak, die Swartes 68,6%, die Kleurlinge 8,1% en die Asiate 2,5%. Naas die stryd teen die Engelse en Engeland, het die opdringende "rassevraagstuk" die Afrikanerdom genoop om sy posisie ten opsigte van die Nie-Blanke bevolking in terme van verlede, hede en toekoms in oënskou te neem. In apartheid is gemeen om dié antwoord te vind. Die beweegredes vir 'n omvattende "nasionale" beleid was. o.a. die Afrikaners se vrees vir politieke gelykstelling wat na "bloedvermenging" kon lei met die gevolglike bedreiging van die Afrikanerdom se identiteit en voortbestaan, die golf van neo-liberalisme en internasionalisme wat ná die Tweede Wêreldoorlog as reaksie teen Hitler se Wit rassisme ingetree het, die wêreldwye verlies van mag deur die Witman en die simpatie met die gekleurde deel van die wêreldbevolking wat by die V.N. ingetree en geheers het. Deur 'n beleid van apartheid wou die Afrikanerdom die Suid-Afrikaanse rassevraagstuk vir eens en vir altyd deur "social engineering" oplos en die "foute" van die verlede wat na ekonomiese integrasie gelei en die Swartmense na die stede gebring het, herstel en uitskakel. "Apartheid" was soos 'n towerwoord wat die samelewing feitlik oornag moes herstruktureer. As ideologie is dit selfs met Bybelse gronde geregverdig náás geskiedenis.

Die selfbegrip van die Afrikanerdom rondom 1948, kom duidelik uit in Geoff Cronjé se boeke, nl 'n *Tuiste vir die Nageslag, die blywende oplossing van Suid-Afrika se rassevraagstukke*[52], *Afrika sonder die Asiaat*[53], *Regverdige Rasse-apartheid*[54] en *Voogdyskap en Apartheid*[55]. Vir Cronjé het dit om voortbestaan of ondergang vir die Afrikanerdom en alle Blankes gegaan. Daarom moes hulle heropgevoed word om hulle eie werk te doen sodat die Swartmense na hulle reservate of selfs aangrensende state kon teruggaan. In die partisie of regverdige herverdeling van die land het hy 'n blywende oplossing gesien. Die "Boerenasie" wat self onder Imperialisme gely het, weet volgens Cronjé om in hul eie gebiede ook selfbeskikking aan die Swart volke te gee. Slegs die Afrikanerdom kon die Swartmense wat onder verstedeliking die gevaar geloop het om hulle identiteit te verloor van algehele ondergang red, nl. deur die beleid van apartheid wat in die Boererepublieke toegepas sou gewees het. Die beleid

52. Johannesburg, 1945.
53. Johannesburg, 1946.
54. Stellenbosch, 1947.
55. Pretoria, 1948.

moes ná die 20ste eeuse Engelse integrasiebeleid, weer teruggebring word. Hy het geskryf: "Die Boerenasie is die enigste volk van Europese herkoms wat in hierdie land ontstaan en ontwikkel het. Hy is in die land gewortel, hy het as't ware uit hierdie bodem gespruit, hy ken die probleme van hierdie land uit eie ervaring ... Suid-Afrika is die enigste vaderland van die Boerenasie. Hy het geen ander tuiste nie en soek geen ander heenkome nie. Hy het ook geen vreemde aanhanklikheid nie. Hy word kultureel nie vanuit die buiteland gevoed nie, maar skep sy eie kultuur uit eie krag". Apartheid sou volgens Cronjé tot die behoud van die Afrikaner se identiteit meewerk, en deur herskepping van die samelewing na 'n veilige en ewigdurende toekoms vir die nageslag lei.

Die selfbegrip van die Afrikanerdom kom goed uit in 'n hoofartikel van die *Volksblad* in 1946: "Met dolle vaart het die wêreldgebeure ons volk tot 'n tweede, allesbeslissende krisismoment gesleur. Ons staan by 'n tweede Bloedrivier ... want ook uit Europa, ons stamland ... kom onheilspellende woorde. Die Westerse beskawing het homself in 'n titaniese stryd vernietig ... en saam daarmee het ook die God-geordende skeiding tussen die Ooste en die Weste, tussen die witman en die gekleurde rasse van die aardbodem verdwyn ... Voor hierdie regbank van verwarde volke ... is die Boerevolk gesleep, skuldig bevind en die doem oor hom uitgespreek — die doem dat die nasaat van die Voortrekker nie meer die reg sal hê om 'n lyn te trek tussen hom en die swartman nie! Die krisisuur slaan nou aan ons poort: *nou* is die uur van beslissing oor die voortbestaan van die Boerevolk in ons duurgekogte Suid-Afrika. Hier en nou is die finale kragmeting tussen die Christendom en die heidendom. As hierdie buitepos van die Westerse beskawing moet instort, dan is dit verby met ons nasie en ons land ... dan sal die Kommunisme regeer, die magte van die duisternis, die heidendom en die Ooste"[56]. J F Mentz het ook in 1946 geadviseer: "As ons as Afrikaners nie één word en ons land uitruk uit die hand van die swart massa wat ons bekruip nie sal ons wat blank wil bly, miskien moet vlug"[57].

## 5 Tussen die Eerste en Tweede Republiek, 1948—1984: Die disintegrasie van Suid-Afrika en Swart staatsvorming, stryd om opperheerskappy tussen Swart en Wit, mislukte Apartheid en internasionale Isolasie — Afrikaner Quo Vadis?

Die tydperk 1948—1984 is gekenmerk deur die onafgebroke bewind van die Afrikanerdom se N.P. en stabiele regerings onder die bewind van die volgende premiers: D F Malan, 1948—1954, J G Strijdom, 1954—1958, H F Verword, 1958—1966, B J Vorster, 1966—1978 en P W Botha sedert 1978. Volgens die Uniegrondwet wat vir 'n "Blanke" Suid-Afrika voorsiening gemaak het, en ooreenkomstig die soewereine onafhanklikheid van 1926 wat op die Westminsterstelsel van demokratiese regering berus, is die regerings van Suid-Afrika tot vandag toe legitiem. Omdat van die Afrikaners gesê kan word "nie staat nie maar volk" en één van die volke van Suid-Afrika wat die mag in 1948 verwerf het, het "volk" dus tot *staat* geword en die res van die bevolking geregeer. Dié was ooreenkomstig tradisie "probleme" om op te los. Onder die bewind van Malan en Strijdom wat vir "Wit baasskap" gestaan het, is ou ongeskrewe konvensies en gebruike in apartheidswetgewing omskep, waardeur die staat volgens die ou koloniale plattelandse tradisie tot statutêre rassisme en diskriminasie oorgegaan

56. Aangehaal in F.A. van Jaarsveld: *Lewende Verlede*, Johannesburg, 1962, p. 252.
57. *Die Transvaler*, 8.9.1959.

het. Dit was grotendeels uit idealistiese en utopiese motiewe met die doel om die "Blanke beskawing", en insonderheid die Afrikanervolk se identiteit en toekoms, te beveilig. Die *Verbod op gemengde huwelike* (1949) en die *Ontugwet* (1950) is bereken om bloedvermenging teë te gaan, terwyl die *Bevolkingsregistrasiewet* (1950) die bevolking volgens kleur in vier groepe verdeel het: Wittes, Swartes, Kleurlinge en Asiate wat volgens die *Groepsgebiedewet* in aparte woonbuurtes moet bly — "separate but equal". Die *Wet op afsonderlike geriewe* (1953) het vertikale skeiding in 'n gemeenskaplike samelewing probeer bring: "Slegs vir blankes"-etikette teenoor "Nie-blankes", is by hysers, spoorweg- en poskantoor-ingange en openbare voertuie aangebring ásof Nie-Blankes melaats was. Hierdie "klein apartheid" en ander vernederende en diskriminerende maatreëls is sedert 1974 afgeskaf. Wat bereken was om wrywing en kontak uit te skakel, het na vervreemding en verset gelei.

In die Verwoerd-era (1958—1966) is tot meer positiewe apartheid oorgegaan. In die lig van die dekolonisasie van Afrika, het Verwoerd 'n soort interne dekolonisasie toegepas deurdat hy tot die herstel van die 19de eeuse stamregerings vir landelike Swartes oorgegaan het: selfbestuur is aan die reservate met hulle etniese eenhede soos die Xhosa van Transkei toegeken. Suid-Afrika is dus herverdeel en die stemregkwessie probeer oplos deur aan die Swartes afsonderlike kiesreg in eie gebiede te gee. Van die term apartheid wat 'n wêreldwye skelwoord geword het, is met "afsonderlike ontwikkeling" probeer afsien. Premier Vorster het verder as Verwoerd gegaan deur onafhanklikheid aan die Tuislande te gee, waarna hulle mettertyd "Swart Nasionale State" genoem is. Die ou term "Kaffer" en "naturel" is deur die meer eerbare term "Bantoe" in plaas van "African" vervang soos die Swartes verkies het, en eindelik is hulle "Swartes" genoem. Die benaming "Departement van Naturellesake" is eers in "Bantoesake", toe met "Departement van Plurale Ontwikkeling" en eindelik "Departement van Samewerking en Ontwikkeling" verander, wat veranderende opvattinge weerspieël. Verwoerd wou liewer 'n "kleiner" Suid-Afrika wat *Wit* is hê, as 'n groot staat wat deur Swartmense oorheers word en waarin die Witmense en die Blanke beskawing sou ondergaan. Vir die werklike probleem van Suid-Afrika, die Swartmense by die Blankes se stede, het Verwoerd 'n blinde oog gehad: vir hom was hulle bloot "tydelike verblyfhouers" — Uitlanders dus — wat teen 1978 uit die blanke stede sou verdwyn deur 'n terugkeer na die Tuislande, wat egter nie gebeur het nie. Tog wou hy geen Blanke kapitaal vir die skepping van 'n infrastruktuur in die Tuislande belê nie. Vir Verwoerd moes grensnywerhede in Blanke gebied langs die Tuislande, die Swartes verhinder om na die "Wit" stede te stroom. Verwoerd het gehoop dat die wêreld die Tuislandbeleid as 'n oplossing vir die Suid-Afrikaanse volksverhoudingsvraagstuk sou aanvaar, maar dit het nie gebeur nie. Wat hy nie besef het nie, was dat dit maar slegs 'n gedeeltelike oplossing van die probleem was.

In die Vorster-era (1966—1978) is in die lig van buitelandse en binnelandse druk en die toenemende isolasie van Suid-Afrika ingesien dat met die toepassing van die apartheidsbeleid foute begaan is. Om aan isolasie te ontsnap is na buite tot *détente* met Afrikastate probeer oorgaan, wat egter in 1975—6 met die inval in Angola tot mislukking gedoem was. Om verhoudinge intern te normaliseer, het premier Vorster tot dialoog en konsultasie met die Nie-blankes binne Suid-Afrika oorgegaan, en platforms vir samewerking geskep. In 1974 het een van die belangrikste gebeurtenisse in die geskiedenis van Suid-Afrika plaasgevind, nl. die ineenstorting van die Portugese kolonies, Angola en Mosambiek, wat die beskermende Wit skild wat om die RSA gelê het, deurbreek het, en vrye Swart Afrika tot teen die grense van die land laat vorder het. In April 1980 het die blanke gesag in Rhodesië geval, wat onder 'n Swart meerder-

heidsregering tot Zimbabwe omvorm is. Hierdie nuwe Swart state het almal Marxistiese regerings, wat onderneem het om mee te werk tot die "bevryding" van die RSA. In SWA/Namibië veg die RSA sedert 1966 al 18 jaar lank teen SWAPO om te verhinder dat dié Marxistiese organisasie beheer oor die land verkry. As gevolg van inspirasie oor die Suid-Afrikaanse "nederlaag" in Angola en blydskap oor die Swart beheer van Mosambiek en Angola, het Soweto, die Swart Derde Wêreldstad langs Johannesburg, op 16 Junie 1976 in opstand gekom. Dit het landswyd geëskaleer en eers op 19 Oktober 1977 het premier Vorster deur sterk staatsoptrede 'n einde aan die onluste gemaak.

Premier Vorster was oortuig dat die einde van 'n era bereik is, en dat die tradisionele Westminsterstelsel van regering wat in 1910 vir slegs 'n Blanke Suid-Afrika aanvaar is, nie meer deug nie. Omdat dit net een stel probleme opgelos het, nl. dié van die verhouding van Blank en Blank — Boer en Brit — maar die werklike probleem, nl. dié van die verhouding van Wit en Swart na die toekoms uitgestel het, het Vorster tot die gevolgtrekking gekom dat die probleem in die lig van dekolonisasie 'n punt bereik het waar dit opgelos móét word. Vir 'n Tweede Nasionale Konvensie wat deur die stadswartes geëis is, het hy teruggedeins omdat vóóraf geweet is: die Swart "oorwinnaar neem alles". Daarom dat hy van die Westminsterregeringstelsel afgesien en om 'n nuwe stelsel gepleit het, wat meer in ooreenstemming met die eise van die nuwe Afrikawerklikheid en 'n plurale samelewing sou wees. Die Switserse *kanton*-stelsel en Karl Renner se *konkordansie-demokrasie* vir die veelvolkige Oostenryk-Hongaarse Monargie, is as voorbeelde voorgehou vir die bestuur van 'n plurale samelewing. Die besef het deurgebreek dat die Blankes slegs een onderdeel van die geheel van die bevolking is. Omdat die beleid teenoor Kleurlinge misluk het — nl. 'n Kleurling Verteenwoordigende Raad, wat ook die Indiërs geld — is in 1976 op die gedagte gekom om 'n nuwe grondwet daar te stel wat voorsiening sal maak vir drie parlemente, nl. een vir Blankes, een vir Kleurlinge en een vir Indiërs. Daar is besef dat die verwydering van die Kleurlinge van die gemeenskaplike kieserslys in 1956, op 'n onetiese wyse geskied het.

Ná die afsnyding van die land se bande met Brittanje deur republiekwording in 1961, het die Afrikanerdom uit vrees vir die opkoms van Swart Afrika, vrede met die Engelstalige bevolkingsdeel gemaak, en Afrikanernasionalisme deur staatsbeleid langsamerhand in 'n Wit nasionalisme oor die taalgrens heen verander. Uit vrees vir die woelinge onder die Suid-Afrikaanse Swartes en die verwagting deur die radikaliste onder hulle, dat hul "bevryding" deur terreur van buite die landsgrense sal kom, het die gedagte ontstaan om 'n nuwe belangegemeenskap te skep, bestaande uit Blankes, Kleurlinge en Asiate in één regering, egter met uitsluiting van Swartes. Maar die konsepgrondwet van 1977 is nie geïmplimenteer nie.

Nadat P.W. Botha in 1978 as premier oorgeneem het, het hy die probleem van 'n nuwe grondwet na 'n Presidentsraad verwys wat as substituut vir 'n Nasionale Konvensie moes dien om die besonderhede uit te werk. In 1982 is die beginsels vir 'n konsepgrondwet deur die N.P. aanvaar, wat voorsiening maak vir 'n Uitvoerende President, en één Parlement met drie kamers vir Blankes, Kleurlinge en Asiate respektiewelik, wat in 1983 gefinaliseer en in 1984 ná 'n Wit referendum met 'n twee-derde meerderheid geïmplimenteer is, waarop die RSA 'n uitvoerende Staatspresident gekry het. Pres. Botha het verwagtings met sy hervormingsbeleid gewek, nader aan die private sektor beweeg en die beginsel van 'n vryemark-ekonomie beklemtoon. Die Swartmense is, vir die eerste keer sedert 1923, in 1978 as permanent by die Wit stede aanvaar en die kleurskeidslyn-diskriminasie uit die arbeidswetgewing verwyder. Ook is

ekonomiese opheffingsmaatreëls in die belang van die stadswartes in werking gebring met die hoop om 'n belanghebbende middelklas te skep wat met die Blankes sal saamwerk.

Die hervormingsbeleid het egter die Afrikanerdom verdeel. Vorster se gemengde sportbeleid het in 1969 gelei tot die afsplitsing van die Herstigte Nasionale Party (HNP) wat sedertdien geen parlementêre setel kon wen nie. Botha se hervormingsbeleid wat die begrip magsverdeling na magsdeling in 'n nuwe grondwet verander het, het 'n groep regse parlementslede o.l.v. dr. A P Treurnicht in 1982 laat afsplits, waarop die Konserwatiewe Party (KP) gevorm is. Afrikanervolkseenheid is daarmee finaal verbreek, wat die Nasionale Party verswak het. Die rede vir die skeurings is te vind in die wegbeweeg van 'n politiek wat tradisioneel op 'n taalgrensverdeling gesteun het — Boer-Brit en Afrikaner-Engelsman. Met republiekwording het Verwoerd Engelstalige steun probeer verwerf deur die loodsing van 'n "nasionale eenheidsbeleid" wat één Blanke nasie met twee tale in die vooruitsig gestel het. Hy het voorspel dat die toekomstige politieke verdeling langs ideologiese grense sou verloop, nl. konserwatief teenoor liberaal, woorde wat in 1966 deur dr. W J de Klerk tot "verkramp" en "verlig" omvorm is. Dit het tot stryd tussen die twee groepe gelei en die Nasionale Party ideologies in twee vleuels, 'n regse en 'n linkse, verdeel. Die verdeling hang ook saam met provinsialisme. Terwyl die NP-regerings van Malan, Strijdom en Verwoerd 'n Noordelike konserwatisme verteenwoordig het (ooreenkomstig die ou Republikeinse tradisie) het die regerings van Vorster en Botha 'n Suidelike vooruitstrewende tradisie ten grondslag (19de eeuse Cape Liberalism). Die Inligtingskandaal van 1977—78, het die verdeeldheid verskerp en die Afrikanerdom geskok, wat geglo het hy het onkreukbare leiers. Dit het tot die val van dr. C P Mulder, die Transvaalse leier van die NP, gelei asook dié van staatspresident John Vorster, wat groot verbittering in Transvaal, die tuiste van die sterkste afdeling van die NP in die RSA gebring het. Dit was die nuwe Transvaalse leier, Treurnicht, wat uit vrees vir gelykstelling en gevolglike bloedvermenging, indien Botha die nuwe grondwet deurloods, die NP in 1982 verlaat het. Botha is verwyt dat hy 'n "liberalis" of "linkse" geword het, wat met die liberalistiese Engelse en die kapitaliste heul — dus hulle "lakei" en derhalwe van die NP-beginsels afgewyk het. Die kreet het geword: Terug na Verwoerd, 'n Blanke Tuisland en 'n tuisland vir Kleurlinge. Botha is verwyt dat hy die land aan Swartes "uitverkoop" het, en dat sy nuwe grondwet tot die val van die Afrikanerdom kan lei, d.w.s. tot die vernietiging van die Blanke beskawing in Suid-Afrika.

Die eenheid van die Afrikanerdom, wat, soos gesê, op die samewerking van stad en platteland en tussen die middelklas- en die werkersklas-Afrikaner berus het, is verbreek. Die middelklas-NP sal waarskynlik vir steun op die "Engelse" partye, d.i. die PFP en die NRP moet terugval. Die nuwe verdeeldheid het ontstaan oor die vraag wat die Afrikaners se houding teenoor Swartes moet wees, wat herinner aan die vroeëre verdeeldheid wat berus het op die vraag na wat hulle verhouding teenoor die Engelse moet wees. Dit is tragies dat verdeeldheid moes kom in 'n stadium waarin Suid-Afrika — gedagtig aan die spreekwoord: 'n huis wat teen homself verdeeld is kan nie bestaan nie — in 'n kritieke fase van sy geskiedenis verkeer — *Credo van 'n Afrikaner* en al. die leuse tot 1966 was "segregeer of sterf", het dit onder Botha geword "pas aan, of sterf". Ongelukkig is daar Afrikaners wat nie by magte is om aan te pas nie. Die rede is dat hulle deur 'n mentaliteit beheer word wat in die 18de en 19de eeu in die plattelandse wêreld van die koloniale tyd gevorm is. Dit geld 'n ingeboude vrees vir gelykstelling met die inheemse mense en gevolglike bloedvermenging aan die een kant, en 'n anti-Engelse nasionalisme wat negatief gerig was, aan die ander kant. Hierdie 19de

eeuse koloniale mentaliteit het in die 20ste eeu in botsing gekom met die moderne stedelike samelewing en 'n wêreld van dekolonisasie waarin dit nie meer pas nie. Daar bestaan vandag dus twee soorte Afrikaners, nl. 'n ortodokse, tradisionalistiese, archaïese Afrikaner wat die hede en toekoms vrees en wat 'n onherroeplik verbygegane koloniale wêreld wil terugbring, en 'n mondige Afrikaner wat hervormings wil deurvoer in die wete dat apartheid 'n utopie was, dat die ou verlede vir goed dood is, en dat 'n toekoms vir die Afrikaner slegs gebou kan word as hy bereid is om die Suid-Afrikaanse samelewing as 'n totaliteit te aanvaar, d.w.s. dat volksidentiteite behou word deur selfseggenskap in eie sake, maar om medeseggenskap in gemeenskaplike sake vir alle groepe te verseker, sodat "Suid-Afrika" uiteindelik met een mond na buite kan praat. Die eindideaal is 'n konfederatiewe stelsel of multinasionale regeringsvorm, waarin een groep die ander nie sal kan oorheers nie. Die klem het dus van *ras* na "beskaafde waardes" verskuif.

Daar het egter 'n nuwe faktor ingetree wat die tradisionele vrees van die Afrikanerdom gestimuleer het, en dit is die vervanging van die ou erfvyand, Brittanje en sy imperialisme, plus die Wit Engelse opposisie in Suid-Afrika, wat ná 1961 obsoleet geword het, deur 'n nuwe, nl. Swart politiek *binne* Suid-Afrika en Swart Afrika *buite* die grense. Die segregasiepolitiek van die ou NP en VP, en die apartheidspolitiek van die nuwe NP, was nie sonder verset van die kant van die Swartes, Kleurlinge en Asiate nie. Vanaf die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika in 1910 tot vandag toe, is op gelykstelling en politieke regte, d.w.s. burgerregte deur die ANC sedert 1912, die Kommunistiese Party sedert 1921 en die PAC sedert 1959 aangedring. Hier is nie ruimte om die Swart versetbewegings te behandel nie. Genoeg om te meld dat, tot 1961, 'n konstitusionele weg gevolg is, waarin op gespreksvoering vir herstel van griewe en regte aangedring is. Ná die Sharpeville-insident op 21 Maart 1960, is die ANC en PAC tot verbode organisasies verklaar, waarop hulle ondergronds gegaan en na die buiteland uitgewyk het vanwaar hulle diplomatiek en militêr teen die RSA optree. Dit was die begin van 'n gewelddadige stryd. Geïnspireer deur Vry-Afrika en die guerillaoorlogsmetodes van Mao en Castro wat suksesvol elders in Afrika toegepas is, het die ANC en PAC die "stryd" wat in die 19de eeu "gestaak" is, met Russiese wapens in die laat 20ste eeu "voortgesit". In feite het hulle "oorlog" op Suid-Afrika verklaar. Die onafhanklike Swart state aan die grense van Suid-Afrika bevoordeel invalle oor die grense terwyl insypelaars sabotasie in die binneland pleeg. Die doel is om binnelandse opstand met 'n buitelandse inval in die vorm van 'n "Bevrydingsoorlog" te paar, wat tot die gewelddadige omverwerping van die bestaande orde en 'n Swart meerderheidsregering moet lei. Wat vir radikale Swartes 'n "Bevrydingsstryd" is, is vir die Afrikanerdom wat die mag beklee, 'n "Vryheidsoorlog", nl. die Derde in sy geskiedenis. Soos die Afrikaners van die Boererepublieke deur 'n Wit imperialisme van *buite* Afrika in 'n tyd van "Scramble for Africa" omsingel en beoorlog is met die eis om op Britse voorwaardes in die Ryk op te gaan, só is die RSA vandag deur 'n Swart imperialisme van *binne* Afrika, gerugsteun deur die Russiese Ryk, in 'n tyd van dekolonisasie en "White Man's scramble out of Africa", omsingel. Die eis word gestel om op Afrika-voorwaardes (een mens, een stem) in Afrika-verband op te gaan, d.i. onder 'n Swart meerderheidsregering, wat die Afrikanerdom laat vrees dat hy as regerende minderheidsgroep tot 'n geregeerde minderheidsgroep gedegradeer sal word, waarin hy sy identiteit, selfstandige volksbestaan, taal, kultuur en toekoms sal kwytraak.

In die nuwe toestand wat in 1974 ingetree het, is daar 'n bykomende faktor in die Afrikanerdom se stryd om selfbestemming en die ordelike bestuur van Suid-Afrika, nl. die toetrede van die Sowjet-Unie waaroor Karl Breyer in *Moskaus Faust in Afrika*[58)]

skryf: "Hierdie boek is 'n waarskuwing, 'n sinjaal. Dit toon Moskou se vuis aan Europa se keel." ... Met die taktiek van 'n beperkte konflik en 'n sorgvuldig gekweekte fiksie van onselfsugtige hulpverlening tot die bevryding en selfbeskikking van die Swart volke, het Moskou die jong en ontstuimige nasionalisme van die Swart Afrikamense tot instrument van 'n globale strategie gemaak, nl. om die grondslag van die ekonomie van die Europese mense te ontneem en wel deur beskikking oor die grondstowwe van Skeba tot Kaap die Goeie Hoop, met geweld te verkry". 'n Mens kan byvoeg: ook om die Kaapse seeroete af te sny. Suid-Afrika het 'n pion in die stryd om wêreldbeheersing tussen Ooste en Weste geword[59].

Nie sonder rede nie het Heinz-Dietrich Ortlieb in *Was wird aus Afrika?*[60] geskryf dat Swart Afrika in Suid-Afrika 'n "Blanke enklawe", 'n "sondebok of surrogaatvyand" gevind het, wat "in die naam van selfbeskikkingsreg van volke" die likwidering van die laaste Blanke heerskappy-enklawe wil afdwing. Hy wys daarop dat "Blanke rassisme en die apartheidskonsep nie sonder meer identies in Suid-Afrika is nie". Hy oordeel dat soos in die geval van die Portugese kolonies "die ondergang van Blanke heerskappy verbonde is aan 'n oorwinning van die Kommunisme"[61].

In 1977 het dr. Alfons Goppel, so skryf dr. Wilhelm Ballon in *Seminarberichte: Volksgruppenrecht/Minderheitenschutz als internationale Aufgabe*, beweer dat "die konflik tussen etnies-histories onderskeibaargeworde meerderhede en minderhede tot die belangrikste vrae behoort wat tans in byna alle kontinente opnuut aan die orde van die dag tree"[62]. In *Nationalitätenkonflikt und Volksgruppenrecht im 20. Jahrhundert I*, skryf Theodor Veiter in 1977 oor die probleem van 'n Wit minderheid en 'n Swart meerderheid in Suid-Afrika, en oordeel: "Die kern is dus 'n etnies-rassiese groepkonflik, want die konfrontasie het die beheer van een of ander rassegroep oor die staat tot inhoud ... 'n Verdere katastroofdragtige parallel is dat die Blanke minderheid van Suid-Afrika ... geen moontlikheid het om na 'n moederland uit te wyk of terug te keer nie. Hulle sal vermoedelik, soos uit ander gronde, ook die Joodse bevolking van Israel, hulle staat met alles, ook die aanwending van die laaste middels tot die bittereinde verdedig ... Vir die Blankes van die Republiek van Suid-Afrika bestaan geen moontlikheid van repatriëring nie ... Hulle sal daar óf 'n nuwe deelgenootskaplike oplossing van die konflik moet vind, wat onafhanklik van getalle (meerderheid-minderheid), rasseherkoms en die gevestigde besitterstand aan elke groep 'n gelyke mate van selfbeskikking en aan almal die moontlikheid van samewerking van gelykes met gelykes verseker, óf 'n gewapende konflik wat die plaaslike en selfs ook die grense met Afrika baie vinnig sal oorskry, is onvermydelik"[63].

Die Republiek van Suid-Afrika moet met die pluraliteit van nasionaliteite in Europa vergelyk word. In *Pluralismus und pluralistische Gesellschaft* het Karl Bösl daarop gewys dat, nieteenstaande die strewe na die "integrasie" van Europa, dit sedert 1945 tog nie plaasgevind het nie vanweë die feit dat "Europa kultureel en geestelik geen eenheid is nie, maar histories gesproke 'n veelheid met eenheidstendensies", wat ook van die RSA gesê kan word. Die vraag is waarom van sy veelvolkige samelewing verwag word om die beginsel van "een mens, een stem" in die lig van die afstand in

---

58. Stuttgart, 1979. Vgl. ook Konrad Melchers: *Die sowjetische Afrikapolitik*, Berlin, 1980.
59. Wim Jorissen: *Zondebok Zuid-Afrika, een positieve Balans*, Lannoo, 1980. Kyk ook Helmut Orbon: *Die Lage der Schwarzen in Südafrika/Azania*, Berlin, 1980.
60. Zürich, 1976.
61. A.w., pp. 13, 67 en 99.
62. Bayerische Landeszentrale für politische Bildungsarbeit, München, 1978.
63. Bayerische Landeszentrale für politische Bildungsarbeit, München, 1977, pp. 74—75.

beskawing tussen die groepe te aanvaar en 'n Blanke volk daardeur te vernietig, as Bösl oor Europa met sy volkeverskeidenheid oordeel: "Die pluralisme van wêreldbeskouinge en geloofsoortuiginge, die pluralisme in die samelewing, ekonomie, politiek, wetenskap, kuns en kultuur, is 'n natuurlike verskyningsvorm van die menslike syn en doen"[64]. Die vraag is waarom, wanneer dit die RSA betref, met twee maatstawwe gemeet word. Soos Blanke Wes-Europa 'n klein puntjie van die Asiatiese kontinent beslaan, so beslaan die RSA waar 'n Blanke beskawing heers, 'n klein puntjie van Afrika. In vergelyking met die getal gekleurde volke in die wêreld is Europa net so swak daaraan toe as Suid-Afrika, nl. naastenby een-vyfde teenoor vier-vyfdes van die Nieblanke wêreldbevolking. Soos Wes-Europa omsingel is deur Rusland en die Derde Wêreld, só ook die RSA. Dit gaan om 'n ryk Noorde teenoor 'n arm Suide. In Suid-Afrika grens die Eerste en die Derde Wêreld aan mekaar onder andere by Johannesburg waarmee Soweto 'n dubbelstad vorm.

Hoe sien die Afrikaner homself in die veranderde wêreld ná 1961? Prof. S. du Toit, 'n teoloog, het gewaarsku dat die verlening van stemreg aan die Nie-Blankes prakties "selfmoord" vir die Blankes sal beteken: "As ons glo" skryf hy, "dat ons nog 'n roeping en 'n taak het, mag ons nie selfmoord pleeg nie ... Ons is vasbeslote om hier te bly. Ons het geen ander vaderland nie. Indien die goeie bedoelings van die Afrikaners in die wind geslaan word, sal hulle hul "tot die uiterste verdedig". Prof. H G Stoker het in 1960 geskryf: "Die huidige situasie is ernstig, kritiek, gevaarlik. Die antipatie van die gekleurde rasse en die kritiek asook moontlike optrede van die Weste teen ons, mag ons dwing om aan die Naturel in blanke gebiede stemreg te gee." Hy het gewaarsku dat daar nie toegegee mag word nie: "Ons moet uit 'n inniger en intenser vertroue leef dat God ook die lotgevalle van ons land bestier, dat ons hier 'n van God gegewe roeping het. Dit was die gees van ons voorgeslagte by die Slag van Bloedrivier ... Ons weiering om toe te gee, is ook in die grond van die saak religieus, nl. ons vaste geloof aan die roeping waartoe God ons hier in Suid-Afrika roep"[65].

In die tyd van Verwoerd is Suid-Afrika gesien as 'n "bolwerk van die Weste" in Afrika, wat Europa kan stut as hy met die rug teen die muur vir sy eie vrye bestaan sal moet veg. In die tyd van Vorster en Botha is die RSA in 'n ander lig gesien, nl. as 'n "reeds bevryde Afrika-staat" wat die reg tot selfbeskikking en 'n onafhanklike voortbestaan soos enige ander Afrikastaat het. Soos in die 19de eeu in terme van die Britse Ryk, sien die Afrikaners hulleself vandag teenoor "die wêreld" as 'n misverstane, veronregte en belasterde volk wat vir die Westerse skuldgevoel in verband met hulle eie koloniale verlede as "sondebok" moet boet. Volgens dr. C P Mulder is die RSA nie 'n "kolonie" wat "bevry" moet word nie — hy is reeds in 1926 as Blanke Dominium van Brittanje ontvoog.[66] Premiers B J Vorster en P W Botha was oortuig dat die vryheid van die Afrikaners die eerste was wat in Afrika deur stryd teen die Britse kolonialisme en imperialisme verwerf is. Die land se Blanke inwoners is dus nie "Europeane" nie, maar "Blanke Afrikane". Hulle is dus 'n Afrikanasie wie se enigste vaderland en toekoms hier lê. Minister C P Mulder was nie bereid om die "duur gekoopte vryheid" aan Sowjet-imperialisme prys te gee nie[67] terwyl premier Vorster die Weste gewaarsku het dat hy deur 'n skuldgevoel sy eie ondergang kan help bewerkstellig.

In Bloemfontein het minister Schoeman in 1976 verklaar dat die Blanke van die

---

64. München, 1967, pp. 73 en 131.
65. *Woord en Daad*, 17.8.1962, p. 2.
66. *Die Transvaler*, 9.11.1976.
67. *Die Transvaler*, 9.11.1976 en *The Star*, 2.6.1977.

RSA geen "tuisland" het waarheen hy kan vlug nie: "Hy het net een tuiste, en dit is Suid-Afrika. Die laaste geveg om die voortbestaan van die Blanke sal hier geveg word". Min. Mulder wou van geen "boedel-oorgee", emigrasie of "vlug" weet nie, terwyl permier P W Botha die versekering gegee het dat die Blankes "nie hulle tasse sal pak en iewers heen terugkeer nie"[68] Sy strewe as Premier word in die spreuk "Vryheid, Vrede, Veiligheid en Voorspoed" vir al die inwoners in die land saamgevat. President Diedericks het verklaar dat die land nie van plan is om "selfmoord" te pleeg nie, en indien nodig, sal hy "tot die bittereinde veg"[69]. Min. Vorster het daarop gewys dat die Afrikaner die inboorlinge hier nie soos in Amerika uitgeroei het nie, en dat hier 'n "veelvolkige" samelewing bestaan. Geen "veelrassige" samelewing sal toegelaat word nie, aangesien die agt Swart volke reeds almal stemreg in eie nasionale state geniet. President Botha sien om dié rede 'n "federatiewe" toekoms waarin al die kultuurgroepe in vrede sal kan saamleef.

Hoe daar ookal geoordeel word, die Afrikanerdom, verdeeld soos hy is, verkeer vandag in 'n oorlewingstryd. Hy beleef die grootste krisis in sy geskiedenis sedert die koms van Van Riebeeck. Die vraag is of al die probleme bloot *Schuld der Weiszen?*[70] is, dit is skuld van die Blankes?, 'n vraag wat Wahrhold Drascher reeds in 1960 gestel het. Om so 'n vraag te stel, beteken om dit te ontken. Die Tweede Republiek het die einde van 'n tydperk beteken nl. van eksklusiewe Blanke bestuur. Die laaste Wit regering in Afrika is met sy koms beëindig. Alles dui daarop dat die Tweede Republiek ook die stadswartes buite die Nasionale Tuislande binne afsienbare tyd in een of ander vorm medeseggenskap in die landsregering sal moet gee, wat finaal 'n einde sal maak aan die idee van 'n Wit Suid-Afrika soos geërf uit die koloniale tyd. In 1984 is hard probeer om uit die isolasie van omsingeling sedert 1948 en 1974 te breek, om byvoorbeeld aan Nkomati en Angola te dink, en om 'n toenemend rewolusionêre toestand aangevuur deur sowel binne- as buitelandse druk te ontlont. Die Afrikanerdroom van 'n eksklusiewe Afrikanerregering in 'n Wit Afrikanerland het in rook opgegaan. Die Afrikanerdom — die telaatgekome of histories-vertraagde volk — het andermaal voor 'n beslissende fase van sy bestaan gekom. Die eerste was sy posisie teenoor die Britse Ryk teen wie hy 'n militêre nederlaag gely het. Die tweede is teen Swart Afrika en sy bondgenote.

Onder die druk van werkloosheid in 'n ingesonke ekonomie en verset teen die eensydige grondwet van die Tweede Republiek, het 1985 'n krisisjaar geword: Binnelandse opstand in die Swart woonbuurtes, buitelandse inmenging en dreigemente van ekonomiese verwurging het verenig in die afpersing van hervormings. Daar is van owerheidsweë erken dat "foute" onder die Apartheidstelsel sedert 1948 begaan is en kritiek teen die jongste verlede uitgespreek, wat neerkom op 'n toegewing dat 'n land nie vanuit 'n toekomsutopie sodanig herstruktureer kon word dat 'n vredesparadys daaruit te voorskyn kon kom nie. Die Afrikanerdom wat sedert 1948 die toon aangegee het in die omskepping van die land volgens sy droombeelde, is deur ekonomiese en sosiale kragte in 'n hoek gejaag. In die oomblik van waarheid word erken dat die histories-vertraagde volk deur sy utopiese drome self bygedra het tot die vertraging van die historiese proses in Suid-Afrika, nl. die uiteindelike deelname van al sy groepe in 'n gemeenskaplike landsregering.

---

68. *Hoofstad*, 27.5.1977.
69. *Oggendblad*, 23.5.1977.
70. W Drascher: *Schuld der Weiszen? Die Spätzeit des Kolonialismus*, Tübingen/Necar, 1960